


# Yadskrif vir Letterkunde



November 1970  
Nuwe Reek's VIII · 4





Digitized by the Internet Archive  
in 2017 with funding from  
University of Pretoria, Library Services



# Tydskrif vir Letterkunde

Redakteur: Coenie Rudolph

*Adresse*

**Skakelredaksie**

J.J. Brits - W.A. de Klerk - André Demedts  
B. le Roux - Joan Lötter - Koos Meij  
Eben Meiring - Mie-jeanne Moelaert - P.J. Nienaber  
Z.J. Pretorius - P.D. v.d. Walt - M.M. Walters

November 1970 - Nuwe reeks VIII:4

**REDAKSIE-ADRES:**

Die Redakteur, Wenningstraat 24, Groenkloof, Pretoria.  
L.W. Ongebruikte kopie kan slegs teruggestuur word  
as medewerkers 'n gefrankeerde koevert ingesluit het.

**ADMINISTRATIEWE ADRES:**

(vir intekening, sirkulasie en advertensie)  
Tydskrif vir Letterkunde, Posbus 1758, Pretoria.

**INTEKENGELD: R3 per jaar.**

Los nommers: 75 sent per eksemplaar.  
L.W. Skole word vriendelik versoek om direk by bg.  
adres in te teken.

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik  
gemaak deur 'n jaarlikse skenking van:

**DIE DEPARTEMENT KULTUURSAKE**

aan die Afrikaanse Skrywerskring  
wie se amptelike orgaan dit is.

Menings wat deur medewerkers uitgespreek word,  
is nie noodwendig ook menings van die redaksie of  
van die Afrikaanse Skrywerskring nie.

# Inhoud

<i>Koos Meij</i>	In gesprek met Henriette Grové, 1
<i>Marie Viljoen</i>	Winterse Verse, 8
<i>C.F. Rudolph</i>	En ons het dit nooit gevra nie, 10
<i>A. Kloppers</i>	Nagsee, 21
<i>Wessel Pretorius</i>	Woorde vir 'n meisie, 22
<i>Greta Sauerma</i>	Vrede, 23
<i>P.J. van Zijl</i>	Die Mikro-huldigingsaand, 24
<i>Lucas Malan</i>	Verse, 26
<i>Ryda R. Schulze</i>	Gedigte, 28
<i>Julien van Remoortere</i>	De kinderen, 31
<i>Sarel Smit</i>	Gedigte, 36
<i>Marietjie Joubert</i>	My skurwe aarde, 37
<i>Aletta Lübbe</i>	By 'n groentestalletjie, 38
<i>Vincent v.d. Westhuizen</i>	Briewe aan my skaduwee, 42
<i>Ellie Osmers</i>	Kontakloosheid, 44
<i>Ulrich Gerryts</i>	Pa vertel, 45
<i>Marlise Joubert</i>	Vir jou soos my naam, 49
<i>Fred Teurlinckx</i>	Hulde aan Pieter Bruegel, 51
<i>Julia Weigel</i>	Onder my voete is daar water, 66
<i>Gerrit Fourie</i>	Fusillade, 68
<i>Elize Olivier</i>	Vier gedigte, 70
<i>Alant Joubert</i>	Bolandse Winter, 72
<i>Gernot Bourquin</i>	Trolhaettan, 72
<i>F.I. Durand</i>	Son, 73
<i>Ou Grietjie</i>	Skyfies, 74
<i>Brenda van Rensburg</i>	Stadslewe, 75

Buiteblad: HENRIETTE GROVÉ (Foto: Caru)



Koos Mey

## In gesprek met Henriette Grové

Henriette, kan jy miskien vir ons 'n klompie gegewens gee oor waar jy groot geword het en hoe die wêreld daar lyk?

Ek het groot geword in die Wes-Transvaal, naby Potchefstroom op 'n plaas. My vader was 'n onderwyser daar. Dit is eintlik 'n mooi wêreld, al sê jy nou Wes-Transvaal word gewoonlik assosieer met vaal, en stof, en droogtes en so aan. Dit is taamlik heuwelagtig, golwend, pragtig groen in die somer, koud in die winter.

Sê my: die verhale wat jy geskryf het waarin daar kinders voorkom, speel hulle terug op hierdie gedeelte van die wêreld?

Ek sou sê sommiges van hulle, sekerlik. Jy weet 'n mens is so ingebed in jou hinterland dat sonder dat jy dit kan help, praat dit saam.

Soos byvoorbeeld in *Die Musiekles*, die verhaal van die dogtertjie wat liewers die prins wil sien as om les te hê?

Ja. Ek sou sê: daar definitief. Dit het 'n sekere outobiografiese besonderheid. Ek kan dit onthou. Ek kan onthou dat ons dorp toe gegaan het. Wat wel nie waar is nie, is die byna politieke „slant” wat dit gekry het hier teen die einde met die Nat en die Sap, want as ek dit nou presies reg kan onthou, dan het almal daar by ons gaan kyk na die Prins.

Watter invloed sal jy sê, het die feit dat jy met 'n kritikus in die huwelik getree het nou eintlik op jou skryfwerk gehad?

Wel, ten eerste is daar definitief 'n gesamentlike belangstelling in die literatuur, soos die bespreek van sekere probleme, al is dit dan abstrakte probleme wat niks met my eie werk te doen het nie. Dit is miskien die heel belangrikste, dié gesamentlike belangstelling. En dan gee ek altyd die verhale, partykeer as dit nog onklaar is, partykeer as dit reeds klaar is, vir my man om te hoor wat hy sê. Dan het hy baie keer sekere wenke wat hy gee, miskien kritiek ook, en as ek dink dat dit geregverdig is, of as hy my kan oortuig van sy standpunt, dan sal ek miskien verander of weer skrywe. As ek tamelik seker in myself is, dat dit wat ek gedoen het, reg is, gaan ek my nie te veel daaraan steur nie.

Hoe speel invloede uit die vroegste jeug eintlik in op jou eie skrywersontwikkeling? Het jy iemand gehad wat jou sterk aangemoedig het of as 'n voorbeeld opgetree het?

Nee, ek kan nie dit sê nie. Ek het wel 'n pa gehad wat baie belanggestel het in mense. Hy was goed belese gewees en hy het 'n mooi klompie boeke gehad vir 'n plaaswoning van daardie tyd. Maar hy het veral baie belanggestel in mense en mense se reaksies; bv. hoe mense praat, hoe hulle dinge sê. Hy het altyd as hy bv. onder die boere gewees het, teruggekome met stories, en hy kon self mense goed namaak. Baie simpatieke mens gewees. Ek dink dit is miskien vir 'n skrywer meer belangrik om 'n belangstelling, ek sou sê 'n behoorlike belangstelling te hê in mense, as om aanmoediging te kry op daardie stadium. Daar moet jy maar net kennis opdoen.

Uit watter periode, eintlik sal jy sê, dateer jou eerste pogings om skeppende werk te lewer? Was dit heel vroeg?

Ag, ek dink ek was nog op laerskool gewees toe ek al so 'n bietjie storiëtjies geskrywe het. Maar toe ek omtrent 15-16 jaar was, aan die einde van my matriekjaar, het ek nou definitiewe verhale geskrywe.

Wat sal jy nou eintlik sê, watter soort prikkels dwing jou tot die skrywe van 'n kortverhaal?

Wel, ek dink basies: mense. Wat mense doen en menslike verhoudinge veral, hoe mense teenoor mekaar staan; 'n sekere dramatiese gegewe, of miskien nie dramaties nie, maar wat moontlikhede van drama inhou. Maar ek dink, basies kan 'n mens sê: Mense.

Sê nou maar iets gebeur in jou lewe, sê nou maar jy is in 'n motorongeluk betrokke, prikkel so iets jou? Dink jy onmiddellik: hierdie stof kan ek verwerk tot 'n verhaal?

Ek dink dit is goed dat jy gesê het, motorongeluk. Ek sien so iets baie min. Dit is iets baie eenvoudiger. Dit is nie dramatiese gegewens nie, of hewige gegewens nie. Maar dit is eerder iets wat die moontlikhede inhou van botsing, soos bv. mense teenoor mekaar. Dit sou ek sê prikkel my. Maar as iets nou werklik met jou gebeur, is jy so midde in die gebeure dat jy nie die nodige perspektief het nie. Jy mag dit miskien later kry, maar op die oomblik het jy dit nie.

In 'n verhaal soos *Vakansie vir 'n Hengelaar* is daar nou outobiografiese gegewens wat daarin verwerk is, of is daar 'n ervaring waaruit hierdie verhaal voortgespruit het?

Dit is nogal moeilik, juis daardie spesifieke een. Ek weet dat ek eenkeer die storiëtjie gehoor het van 'n man wat so rond loop. Ek meen dat ek gehoor het die vrou sou gesê het dat sy wens sy word oud — sy eie vrou sou so gesê het. Maar ek dink dit is al. Maar jy weet daar kom soveel ander dinge by, ander ervarings, ander feite. Op die ou end sal die persoon self,

of mense wat hom geken het, sal sê dat hulle dit absoluut nie herken nie, nie weet waarvan jy praat nie.

Met ander woorde, jy kry nie 'n besondere basiese idee, of gedagte, of boodskap wat jy graag wil oordra aan jou lesers en dat jy dan 'n dramatjie daaromheen bou nie. Dit is eerstens die drama wat ontwikkel en daaruit mag dan een of ander boodskap voortspruit.

Ja. Ek sou so sê. Want so is dit veel meer konkreet. Jy gaan uit van jou gegewe, jou mens, van jou situasie. As jy dit behoorlik uitwerk en uitbou dan mag dit kom aan die einde dat iemand sê: Ja, nou sê die storie dit. Ek glo nie dat mens aan die begin sal sê: ek wil 'n storie skryf wat dit of dat sê nie. Wat wel waar is, is dat ek dikwels my storie skryf na 'n sekere einde toe, dat ek in sekere van die gevalle weet, daardie einde is vas en daarheen skryf ek hom.

Dit is 'n soort van 'n intuïtiewe aanvoeling oor watter rigting die verhaal eintlik moet inslaan?

Nee, dit kan ek nou weer nie vir u sê nie. Ek weet net ek skryf na daardie sekere punt toe.

Nou wat die ontwikkeling in 'n verhaal betref: veral in jou verhale, ontwikkel daar, m.i., sekere simboliese elemente. Mens kan dit miskien ook 'n ander naam gee. Maar die objektiewe en praktiese dinge gebeur en word simbool van iets anders. Is dit vooraf beplan, of is dit iets wat net van . . . .

Nee, ek glo nie. Ek dink as dit vooraf beplan word, sal dit veel meer stereotiep en dood wees. Ek dink as jy begin skryf, weet jy self nie watter elemente simbolies gaan wees nie. As jy partykeer lees wat iemand anders oor die verhaal geskryf het, dan sien jy: „O, dit is dit wat ek eintlik gesê het! Maar jy besef nie, of liewers, jy's nie bewus daarvan dat sekere dinge terugkom nie. Jy dink nou seker aan daardie storie van *Die Musiekles*, van die kind met die suikerklontjies. Ek weet nie of dit so is nie.

Ja, jy het nou 'n interessante ding gesê. Jy het gesê: soms *interpreteer* mens jou verhale. Stem jy saam met sodanige interpretasies, bv. in die jongste *Klasgids* wat verskyn het, is daar 'n artikel deur Hennie Aucamp oor *Kom, Herwaarts, Getroues*. Ek veronderstel jy het die stukkie wat hy geskryf het, onder oë gehad. Strook sy interpretasie van wat eintlik in die verhaal gesê word met jou eie, of kom dit as 'n verrassing? En wat is jou houding daaromtrent?

Wel, as 'n verhaal nou eenkeer geskryf is, en hy staan daar swart op wit, dan het ek nie meer veel oor om hom te sê nie. Ek kan nou sê ek stem nie

saam met wat hierdie of daardie meneer sê nie, of ek persoonlik het dit nie so — ek wil nie eers sê: so *bedoel* nie, want dan kom die hele ou kwessie van die intensie van die skrywer weer ter sprake — maar vir my gevoel is die slot (al is daar ook mense wat die einde as hoopvol beskou) veel meer in die satiriese lyn van die hele verhaal, van iets wat weer van vooraf daar begin. Hulle is nou hier klaar in die winkel, die groot moles en gemors het nou klaar plaasgevind en die hele klomp goed is nou klaar platgeslaan, maar hier word die pop alweer uitgehaal.

Nou watter genre beoefen jy die graagste, of watter een lê jou die naaste aan die hart?

Dit is ook moeilik om te sê. Ek sou sê die ding waarmee ek besig is, is miskien op daardie oomblik vir my die naaste aan my hart. Voorheen het ek altyd gedink die kortverhaal is die moeilikste. Ek is nou nie meer so seker nie. Maar in elk geval: die dinge wat ek doen, is basies baie na aanmekaar. Jy weet, die kortverhaal is vir my gevoel die mees dramatiese van die verhalende vorms, omdat hy verskillende mense, of mense op 'n bepaalde oomblik van hulle lewe, op 'n krisismoment, teenoor mekaar stel. Dit is 'n dramatiese gegewe. Baie kortverhale, nie almal nie, is in dié opsig dramaties. Daarom dat dit vir my nie so verskriklik anders is as 'n drama nie.

Henriette, jy het heelwat sukses met dramas gehad. Ontwikkel 'n drama maar eintlik uit dieselfde stof as wat 'n mens ook vir 'n kortverhaal gebruik, of lê hulle tog nie langs mekaar nie?

Dit kan ek nou regtig nie sê nie. Maar wat ek sal sê, is bv.: hierdie is vir my 'n meer dramatiese gegewe, of liewers: meer 'n gegewe vir 'n drama.

Jy het taamlik somber dramas al geskrywe. Ek dink aan die radiospel *Die Glasdeur*. Dit is vir my taamlik somber, tog is daar van jou ander werke wat komies is. Is daar enige voorkeur vir toon, of is altwee maar net 'n sekere aspek van 'n satiriese inslag?

Ja, ek weet nie of dit 'n kwessie is van kies nie. Dit is miskien. In die laaste tyd neig ek meer tot die satire, meer tot die spot. Jy weet dit is ook iets wat jy bietjie afstand voor moet hê, jare voor moet hê, vir die spot. Want dan sien jy die betreklikheid van dinge. As jy jonk is, sien jy dit baie swart op wit, swart en wit teenoor mekaar gestel. Nou word dit al 'n bietjie gryserig.

Sou jy sê dat van jou verhale geïnspireer is uit jou ervaring as moeder en uit jou moeder-wees, of figureer jou eie kinders of jou eie familie nie juis baie sterk in jou verhale nie?

Nee, ek kan nie sê dat dit eintlik die geval is nie. Miskien sal jy sê hier en daar kleiner trekkies vind. Die feit dat jy kinders het en hulle dophou en hulle beskou, veroorsaak dat jy kinders dan heelwaarskynlik beter ken sodat, as jy oor hulle skryf, jy dan 'n geloofwaardiger prentjie gee. Maar ek dink my kinders sal absoluut niks daarvan hou as hulle hoor dat hulle êrens figureer nie.

Jy sal nie sê dat om moeder te wees, om huisvrou te wees, negatief ingewerk het op jou kunstenaarskap nie?

Nee, ek glo nie. Ek dink om die waarheid te sê, alle ervaring is per slot van rekening soos die Engelse sê: „grist to the mill.”

Hoe het jy gemaak ten opsigte van jou tyd en indeling van die tyd, om soveel tyd te kry vir skrywe?

Ek het baie vroeg in my lewe besef, as ek enige iets wil klaar kry, of gedoen kry, dan sal ek maar op 'n sekere tyd moet gaan sit en gaan skrywe, soos bv. die oggende wanneer dit nou redelik stil is, en veral later toe die kinders skool toe is. Dit is nou nie 'n kwessie van rustig sit en wag tot jy die inspirasie kry nie, dit is maar inpas. En dit in sigself, dink ek, is nie heeltemal so 'n verkeerde ding nie. As jy net 'n sekere tyd tot jou beskikking het, moet jy daarvan gebruik maak.

Jy het 'n hele bundel kortverhale, *Roosmaryn en Wynruit*, laat verskyn onder die skuilnaam Linda Joubert. Sou jy sê die gebruikmaking van 'n skuilnaam is 'n goeie ding vir 'n skrywer wat begin, of moet 'n mens maar liewers daarvan af wegbly?

Nee wat. Ek dink ek sal nou nog baie maklik 'n sekere tipe storie wat ek skryf (ek het dit lanklaas gedoen, maar ek sal dit weer doen) onder die skuilnaam skryf, want dit is vir my 'n heel ander tipe verhaal.

So as jy skrywe, het jy dan 'n spesifieke publiek in die gedagte?

Wel, ek dink tog. Miskien nie heeltemal 'n spesifieke publiek nie, dis meer 'n kwessie van jou eie instelling daarteenoor. Ek glo dat met sekere van die Linda Joubert-stories — nie almal nie — kon jy, as jy dit anders geskryf het, miskien heeltemal 'n ander soort storie daarvan gemaak het. Dit is net so dat jy skryf tot op 'n sekere punt en dan hou jy op en put jy nie die konsekwensies van 'n situasie uit nie. In dié geval sou ek sê, is dit romanties, in die ou sin van die woord; in die minder vleierende sin van die woord 'n storie waar die situasie nie uitgebuit word nie, nie tot sy logiese konsekwensies gevoer word nie.



In baie van jou verhale is daar so 'n soort stryd tussen wat jou karakters romanties aan dink en die werklikheid waarin hulle staan. Sou jy sê dié konflik in die normale lewe werk dikwels deur tot in jou eie kunswerk?

Ek sou sê: Ja. Veral in die stories wat ek vroeër geskryf het, sal jy dit seker dikwels so terugkry, want daar was altyd vir my 'n diskrepans van wat mense dink, of wat mense hoop en glo en wat is. Dit skep die probleem om die balans te kry tussen die twee. Maar in die jongste tyd glo ek dit eintlik nie meer nie. In die stories wat ek resent geskryf het, is daardie eienskap nie so definitief meer aanwesig nie.

Sou jy kon karakteriseer wat jy dink wat grondliggend is van die jongste werk wat jy lewer?

Wel, die stories wat ek die laaste tyd geskrywe het, het op een of ander manier almal te doen gehad met die dood. Dit is 'n soort van 'n tot 'n vergelyk kom. In 'n sekere sin kan jy die *Dood van die Maagd* daarby reken. 'n Soort van tot vergelyk kom met die bestaan en die feit van die uiteindelijke dood. Nouja, ek weet nie of mens ooit daarmee tot 'n vergelyk kom nie, maar dis weer, seker gesien by my jare, heeltemal natuurlik dat 'n mens begin belangstel daarin.

Is dit kortverhale waarmee jy nou besig is?

Twee van hulle is; die twee wat nou eintlik klaar is, is lang verhale.

So dit is eintlik 'n nuwe rigting wat jy besig is om in te slaan?

Soos ek jou sê, *Die Dood van 'n Maagd* is ook, streng gesproke, nie 'n regte kortverhaal gewees nie. Nie vir my gevoel nie. Dit is tog nog verhaal, nie iets meer nie; dit is selfs nie eens 'n novelle nie. Ek sou dit liefs nog 'n verhaal wou noem.

Dikwels in jou verhale (ek dink nou maar aan *Kom, Herwaarts, Getroues*) kom daar elemente in voor wat vir party mense riskant lyk, gevaarlik lyk. Wat is jou houding met betrekking tot elemente in die kuns wat vir party mense selfs skokkend is?

Vir my gevoel is die verhaal soos hy daar is nié skokkend nie. Ek weet nie: as ander mense dit so lees dan het hulle seker die reg om dit te doen! Hulle léés dit op 'n sekere manier, en skrywe dit op 'n sekere manier.

Mag sulke mense dan nou sê sulke kuns behoort nie te bestaan nie? Ek sê nie joue val in daardie kategorie nie! Maar bloot net op die prinsipe daarvan — wat is jou houding daaromtrent? Moet die kunstenaar nie

eintlik die vryheid hê om te skrywe wat hy wil nie? Of word hy tog aan bande gelê?

Jy skryf natuurlik altyd in en vir 'n sekere maatskappy met wie jy in elk geval rekening moet hou. Maar die hele kwessie van vryheid is so 'n betreklike saak! Die hele kwessie van vryheid is betreklik: jy word gebore in 'n sekere milieu, jy word gebore in 'n sekere tyd, en jy word gebore in 'n sekere volk. Ek weet daar word vandag baie geskree en geskryf oor die sogenaamde vryheid, maar selfs die mense wat hulle in so 'n groot mate daarvoor beywer, is onvry. Dit is net 'n kwessie waar jy die lyn trek, waar jou werklike vryheid is. Jy weet die ou woorde van Goethe dat in die beperking die meester homself toon, dink ek bly darem in 'n sekere mate waar. Jy werk teen remminge in, al is dit dan nie eers in jou eie wete nie, maar wat ander mense kan sien.

Sou jy dus sê dit is 'n goeie ding dat daar iets soos 'n Publikasieraad bestaan om sekere skrywers aan bande te lê?

Wel, dit hang natuurlik ook af van wat jy met die woord *skrywers* bedoel. As die Publikasieraad uitgaan vanaf 'n sekere standpunt, vanaf 'n sekere oortuiging van die literêre waarde van dinge ('n mens is natuurlik nes 'n kind wat 'n fout kan maak), dan hoef ek nie noodwendig met hulle saam te stem nie. Dit bly in elk geval maar 'n baie moeilike probleem, die hele kwessie van sensuur.

Met betrekking tot die jonger Afrikaanse skrywers, 'n man soos Etienne Leroux — hoe is jou gevoel teenoor hierdie nuwe tendense van skrywers?

Wel, ek persoonlik het die allergrootste waardering vir hom. Ek dink hy het 'n verbeelding, in die wye sin van die woord, wat jou eintlik verbyster. Ek kon dit nog nooit verstaan nie, die hele geskryf teen sy *Seuwe Dae by die Silbersteins*. Kyk, ek dink die mense het net eenvoudig die boek verkeerd geles. Hulle was soos die kamerling: hulle weet nie waar hulle staan nie. Ek kon dit eerlikwaar nog nooit verstaan het nie. In 'n sekere sin dink ek is Etienne Leroux, ook in sy ander werke, 'n behoudende mens. Dit is wat daardie mense skynbaar nie agtergekom het nie.

# Marie Viljoen

## Winterse Verse

by die droë drinkplek  
wag jy,  
bokkie.

\*

my reën kom nie:  
jy glo die wolke  
die weerlig nie

\*

die eerste druppels  
bly vir jou  
die hoonlag van jou dors.

\*

onverwags  
vind ek die lyne  
van jou gesig  
in die gang  
van die wind  
deur die winterlug

\*

die herfs waai  
deur droë wit takke  
my hart draal  
saam met die wind  
oor die somber herfsdakke

\*

winter  
jy leef  
in die vaal stowwe  
die vuil wol  
van die honger mowwe

\*

jy't my laat verwinter —



kyk hoe verwaai ek  
in die dwarrelwind  
'n vlagie stof  
wat die oë brand

\*

hy dans  
oor my blare —  
die somerwind

\*

bruinoog hoep-hoep  
moenie langer roep nie  
kyk ek moet weg  
volg op die spore van 'n somer

\*

hoep-hoep  
my winterhart

C. F. Rudolph

## En ons het dit nooit gevra nie

(Soos vertel deur *Hermina Preis*)

„Reken 'n bietjie uit. Dit is . . . In 1902 is dit vrede; in 1901, in Julie-maand, het die Engelse verbygetrek: 'n groot konvooi by Vermont op, Dullstroom oor, verby Roosenekal, Steenkampsberg. Toe kom my pa skielik by die huis en skiet twee van sy swart osse dood. My ma vra: „Wat maak jy nou?” Hy sê hy wil vir ons biltong sny, want hy dink die Engelse het nou 'n plan. Hulle wil nou Boshoeck om kom, dat hulle agter die huis omkom, want hulle was altyd bang vir daardie rante agter die huis. En hulle hét ook so gemaak! Hy het die biltong gesny en onder die druiwewingerd opgehang. Dit was baie biltong. Vleis het hy maar uitgedeel. Hy moes gou maak om weer vort te gaan. Dit is op die plek waar Hans Swart later gebly het. Skaapkraal, ja.

En toe bly daar oom Gideon Joubert en oom Gys de Beer agter, toe die kommando verbytrek. Oom Dawid Schoeman was kommandant, en hy vra dat die twee daar moet bly by ons want hulle is siek. Hy het vir hulle elkeen daar 'n ou geweer laat staan, en is toe vort. En my ma het beskuit geknie want my pa sê vir haar sy moet nou genoeg beskuit en dinge bak want hy hoor die konvooi trek maar stdig. In die môre vroeg, ons was net besig, (die meide het vuur gemaak en die beskuit was al amper goed om in die oond te steek — dit was 'n groot oond, bakoond soos die oumense gehad het in die kombuis) toe kom die naturelle „scouts”. Dit was nie witmense wat die eerste by ons gekom het nie, maar naturelle! En hulle was ook baie parmantig! Toe hulle op die stoep kom, sê hulle vir my ma: „Waar is die boere? Bring hulle uit!” Ma antwoord: „Hier is net twee, maar hulle is siek.” Hy sê: „Bring hulle uit!” Die meidjies het toe al klaar weggehardloop, want die naturelle is in kakie-uniforms. Hulle is toe nes die scouts, ons Afrikaners wat by die Engese aangesluit het. Hulle het dieselfde werk, maar nou het hulle hul vooruitgestuur, feitlik vir die vuil werk. Agter daardie naturelle het gekom van die, soos ons hulle genoem het, die „joiners”. Ons het altyd gesê die „joiners”. Ons het nie gepraat van „scouts” nie. Toe kom eers hulle, en toe kom die kakies. En hulle sê vir my ma sy moet inpak, hulle kom haar haal. Die ander kamp staan daar oorkant op die bult. Daar het hulle glo gehalt om ons nou eers te kom kry, en nog ander mense wat daar naby is met die van van Kotze.

Wat ek nog goed onthou, terwyl die meidjies weg is, sê my ma ons moet nou kyk dat die oond warm kom sodat die beskuit inkom. Dit was my suster — sy was 15 jaar — en ek was 11. Toe van die troepe sien dat ons so sukkel om vuur te maak, het hulle sommer van die stoele stukkend geslaan en dié in die oond gestee. Daar was ene ou Burn, hy het die konvooi gelei. Hy kom by my ma en sê sy moet vir hom 'n ding gee dat hy die biltong afhaal. Maar hulle was nog nat, nat! Sy gee vir hom 'n groot kis — die kis is nog in die familie, die kis het broer Pieter gekry. Hy het die troepe vir hom die biltong laat aandra en die kis vol biltong gemaak. Die ander het hulle gevat. Party braai, en as ons vuur maak in die oond dan kom hulle met 'n biltong aan en gooi die daarin en gee nie om of hulle die vuur doodgooi nie. Ons het maar bitter swaar gekry om daardie beskuit gaar te kry! Maar elk geval, die beskuit was nog nie eers baie uitgebak nie, maar toe ons hulle uitgehaal het, gryp hier 'n kakie 'n stuk en daar gryp hulle, maar ons het die ander in 'n skottel en óp die wa. My pa se wa was 'n langtent. Dié het onder bloekoms, nie in die waenhuis nie gestaan. Pa het hom 'n bietjie laat wegsteek agter die bome. Maar hulle het hom gaan haal. Hulle het ons toe daar opgelaai en ons is vort.

Ons het vier dae getrek van Skaapkraal af na Lydenburg toe. Die aand toe ons daar in Marble Hall gaan uitkamp, het ons nie 'n koppie gehad nie: ons was te verbouereerd, want my ma was swanger van oor die agt maande. Sy kon feitlik niks doen nie en ons meisiekinders het van niks geweet nie en die broertjies was klein. Uit melkblikkies het ons toe koffie gedrink. Maar in alle geval ons het reggekome. Mense het ons geleen en op die dorp het ons 'n paar koppies gekoop. Op Lydenburg het ons agt dae gestaan, daar waar die tentoonstellinggronde is. In ronde tentjies. En daar het bekende mense ons kom sien, en daarvandaan is ons . . . gee hulle ons kennis ons moet oppak, ons moet trek na Machadodorp toe.

Van Lydenburg af na Machadodorp toe het ons agt dae getrek. Wat ek goed onthou, is dat teen die laaste wa partykeer ingespan was, span die voorste wa alweer uit, so 'n kort trekkie maak hulle. En ons het daar by Krokodilrivier, daardie hoogte — dit was nie soos die pad nou is nie! Hy was toe nog maar 'n bietjie opdraande! En as daar 'n os flou word, dit is asof ek dit vandag nog sien, dan steek die kaffers hom dood met 'n assegaai en dan bly die juk sleep en die os brul hier onder die wa se wiel. Ons as kinders is dan vreeslik bang.

In alle geval my moeder was baie siek. En daar was baie waens. Soos ek jou sê: as die eerste een uitspan en die laaste een ingespan is, span die eerste een weer uit. Ons het nie die waens getel nie, maar dit is darem

seker 'n goeie dertig families. Die ander is natuurlik die Engelse en hulle benodighede.

Moenie dink as ons in die aand uitspan, word daar tent opgeslaan nie! Nee, nee ons slaap somer so. Ons slaap, kruip somer so in die wa se tentjie in die bittere kou. Daar is nie tyd nie, hulle slaan nie vir ons tente op nie. Nee, daar is nie tyd nie. Die mense wat hulle mans by hulle gehad het, dié mag tent opgeslaan het maar ons moes maar so sukkel. My ma het nog 'n bloedstorting ook, uit haar neus, gekry.

Die mense, dié wat die mans by het, was òf joiners, òf party mans was te oud. Party weer het net gehensop. Daar was baie joiners, 'n hele paar wat ek ken ook. In alle geval, op Helvetia, dit onthou ek nog goed, daar het 'n militêre dokter, Frikkie Taute, my neef, vir my ma vir die laaste keer gaan medisyne kry. Toe het sy al so baie, byna ál haar geld, uitgegee vir 'n flessie medisyne; só groot . . . amper nog kleiner as 'n vingerhoed; pilletjies wat sy oor die drie pond voor gegee het. Maar dit het haar gehelp. Toe was dit nie meer so vreeslik nie. Jy kan begryp hoe het ons dit gehad: die wa ry en jy's . . . ag, maar wat! Ek onthou, nou die dag het ek haar weer gesien, mevrou — ek sal maar sê: juffrou Van den Heever. Daar is so 'n klipkoppie; dan is ons klomp jongmeisietjies (só groot) almal op 'n streep soontoe en dan klim ons op die klipkoppetjie en sing ons „Oh bring back my bonny to me”, dat die kakies kan hoor ons ken ook Engels.

Nou op Machadodorp het ons weer agt dae gestaan. Daar op die kale bult, duskant Machadodorp. Toe het hulle ons kom aansê. Hulle het ook nie vir ons daar tente opgeslaan nie! Somer so langs die waens en by die wa geboer. Swáár gekry! Dan stuur hulle vir ons brood. My suster het altyd die hele brood die korsie afgeskil want die kaffers dra dit somer so vol sweet op die skouers en gooi dit daar op die beddens in die wa. In alle geval, daardeur is ons ook.

Toe ons die dag op die stasie kom, op Machadodorp, was daar net kaal trokke om ons te vervoer na Balmoral toe. Maar terwyl ons daar op die stasie was, sê Renier Botha (hy was 'n bekende van my pa) hy sê vir sy vrou: Daar is 'n mens wat hy ken en dis tant Chrissie Swarts en hy sê: kyk die toestand! Hy het ons kom haal en ons is met hulle saam in 'n toe-troks. Kooigoed en klerasie somer in bondels gebind; meubels is daar nie. Daar's niks. Wat hulle nie op die wa kan laai nie, gooi hulle af, wat meubels aanbetref. Laai feitlik net klere, want hulle laai van hulle goed ook nog op. En so is ons na Balmoral toe. En daar in Balmoral se kamp het ons gebly . . . elf maande.

Daar het ons masels gekry. En wat ons nie daar beleef het nie is vreeslik. Maar as kind onthou ek nog dat een — ons het altyd, toe dit nou somer

word, dan gaan pluk ons marog by beeskrale. Sommer so. Klein dogtertjies. Ons is ook nou daar. Daar is 'n vrou met groot bruin oë en sy het op haar knieë gaan staan en sy het na die kamp gekyk en toe sê sy vir my maat: „As julle my man sien, sê vir hom ek is dood van honger.” Toe sê die maat van my, sy was 'n meisie Fouché, ek moet hardloop dan moet ek vir die kamppolisie gaan sê daar is 'n vrou wat doodgaan. Hulle het haar toe gaan haal. Ek weet nie wat daarna van haar geword nie.

Toe die oorlog self uitbreek het, was ons nog op die plaas. Ek was in die skool by oom Dawid Schoeman. Hy was kommandant. Ek onthou nog goed toe die mense vort gegaan het — daar waar Baas-hulle bly, net duskant — toe die kommando vort gaan. Hulle het gedink hulle sal dit met gebede keer en dit sal vir hulle die oorlog wen. Hulle kon nie dink hulle sal dit verloor nie.

Hoe hulle opgeroep is? Ja. Hulle het net 'n kommandeerlys opgestuur: man, perd, saal, toom, met sy geweer; en 'n sekere tyd moes hulle toe daar by die kommandant 'n sekere datum bymekaar wees. En daar het hulle hulle uitgesoek: wie nou moet vort gaan, en wie nou nog 'n bietjie kan bly en wat met die tweede groep kan weggaan. Wat ek onthou, is toe die eerste groep weg is. Dit onthou ek nog baie goed. Maar my pa was nie daarby nie, my pa was . . . ek weet regtig nie — is hulle nie na Ladysmith toe nie? Ja. Hulle is daar na Natal se kant toe. Maar in alle geval, ek is toe met geleentheid, dit was die 16de Desember . . . Wanneer het die oorlog uitbreek? Nie Oktober nie? Ja, ek dink dis Oktober. Ja. Op 16de Desember was ek op Lydenburg saam met die kommandant Schoeman se familie want ek het by hulle geloseer vir skool. Die skool het toe nog aangehou. Ons het 'n Hollander gehad, ene Zijdevat. Hy het altyd die berigte gekry, die telegramme en dinge. Dit was nie telegramme, dit was ander sulke papiertjies . . . In alle geval daarvandaan het ek met oorle ouma saamgekom tot op Boshoeck. Van Boshoeck af weet ek nie hoe het ek by die huis gekom nie. Dit onthou ek nie, maar alle geval ma het geleentheid gekry om vir my van Boshoeck af by die huis te kry.

Maar daar is naderhand 'n tweede groep weg. Hulle is ook vorentoe. Maar hulle is naderhand teruggedryf. Altyd teruggedryf. Die kommando's was nie gou in Lydenburg nie. Maar hulle het altyd teruggekom, teruggekom. Ma gee oom Willie du Toit wat nou dood is, toe hy . . . ek onthou toe hy een aand by ons kom: dit was laat, ons hoor die honde blaf, en my ma hoor klop aan die vrykamer se venster. Hy sê toe vir my ma ma moet oopmaak, en ma lig toe. Toe sy die raam oopskuif, het hy sommer daar ingeklim. Vol bloedkollie. Hy het slaags geraak met 'n kakie daar duskant Krugerspos, of waar weet ek nie. Hulle het handgemeen geraak met messe.

Hulle het geveg vir hulle lewe maar hy het die oorwinning. Dit was kort voor hulle ons kamp toe gevat het. Ek het later gehoor daar bo-op die berge by Vermont, daar by die Lazaruskloof, of daar rond was 'n klompie boere en hulle het daar probeer uithou tot by die end. Oorle oupa was ook daar iewers. Oom Koos het nog die Engelse troepe gelei dáár na my pa toe, en hom gevang. Hulle was 'n paar mans, maar ek onthou nie wie was hulle nie. Hulle het daar iewers in 'n klofie geskuil.

Maar eendag . . . ons het altyd agter Skaapkraal, daar by die rantjie, daar het ons gesit as ons nou sien wanneer die Engelse konvooi daar by Veermont optrek. En ons sit toe daar met 'n verkyker en kyk. Ons sien naderhand daar kom iemand met 'n handperd. Ons kyk met die verkyker. Naderhand sien ons hier onder kom weer twee perderuiters maar ons weet nie dis Engelse nie. Naderhand hoor ons skote, en ons kyk en sien daar kom nou twee perderuiters met nog . . . met 'n handperd aan. En nou ja, ons het mos ons nie daaraan gesteur nie. Dit was skaars donker gewees toe klop iemand aan die deur. Dit was oom Piet Broekman — ons het altyd vir hom gesê Rooikat — en Karel Broekman. Dit was al die tyd hulle wat slaags was met die kakie. Toe wys hy nog vir ons die goed wat hulle afgeneem het by hom, en die perd. Ook die klere en die komberse. Maar dit is partykeer darem so onsuiver, dat hulle dit maar eers lelik moet skoonmaak.

Van die Engelse was partykeer, ja . . . hoe moet ek nou sê? . . . darem vriendelik. Daar was goeies gewees, want ek onthou toe hulle ons gestuur het terug huis toe, ek weet nou nie meer die hoeveelste nie, maar dit was in die begin van Julie, want dit het kapok. Hulle het ons op kaal steenkool-trokse gelaai. Daar naby Wonderfontein. Oorle Ma het ons maar tóé gehou. Dit was tant Kotie Joubert-hulle en ons, en Mostert-hulle, en al daardie bekende mense. Ons was in een groep. Ma het so met 'n kakie-kombers om haar gesit. Ek was maar seker 'n snip gewees en het so opgekyk en sien toe my ma is vol skuim voor haar mond. Sy is toe besig om te verkleum. Ek vlie toe daar op . . . toe stop die trein net by die stasie. Ek roep sommer daar van die kakies en ek skree vir die ander tannies daar anderkant. Toe was daar van die kakies wat vir ons van die blou kannetjies warm koffie gebring het, en vir ons gehelp het ma daar vryf, en regmaak, en toemaak. En toe is ons daarvandaan weer vort na Belfast.

Jy weet ek vertel nou die dag 'n dame is hierso in *Ons Tuis*. Haar broer was die Laercommandant. En hulle het een aand gaan dans, 'n dans gehad, die verpleegsters en natuurlik die jongkêrels daar. En hy was natuurlik 'n getroude man, en hy het hom natuurlik maar jongkêrel gehou en het gaan dans. En ek het 'n vriendinnetjie gehad met die van van Roets. Sy het 'n



pragtige bos geel hare gehad. Ek het altyd na haar gaan kyk. Daar was baie kinders wat masels gehad het en toe al 'n bietjie gesond word. Sy sê toe vir my sy sal die Maandag, dink sy, sal sy weer skool toe kom. En dit het gereën en hulle het die aand gaan dans en hulle het 'n kers op die bale komberse gesit. Die kers het omgeval en die komberse het aan die brand geraak. En daardie sewe kinders is verbrand en versmoor in daardie Martjietent. Toe moes van die groot koppe van hulle, van Pretoria af, baie kom, en dokters . . . Hulle wou nou net hê ons moes verklaar. Die mense moes verklaar, en téén dit. Sien? Hulle wou nie hê dit moet uitkom dat daardie kinders op so 'n manier dood is nie. En die meisietjie, waaraan hulle haar lyk geken het — jy weet die Martjietente is mos so dubbeld as jy hulle toemaak. Sy wou uit, sy was al gesond en soos sy daar ingekruip het, het die nat seile so toegeval en haar stringe hare het daar by haar gelê. Hulle was nege kinders. 'n Moeder en nege kinders, en net die oudste en die kleinste babatjie, die't toe ek van hulle nog laas gehoor het, oorgebly. Die ander is almal dood in die kamp. Sewe is in die tent dood. Dit was 'n verskriklike begrafnis. Een tent, Martjietent, gewees. Daar het bale komberse gestaan en die het aan die brand geraak.

Die kommandant wat ek jou nou van vertel, hy was ook die aand op die dans. Hy het twee dogtertjies gehad. Jy weet dit het gereën, eenkeer twee weke aanmekaar, dag en nag. Hulle kon nie die mense begrawe nie. Dit het so opgehoop. Wat ek kan onthou: daar was twee bokwaens, soos kaste so hoog gepak; en elke kas is vasgewoel met lyn, jy weet soos mens transport vasmaak. So het hulle gery na die grafte toe, met die vragte lyke. Hulle het hulle so gaan begrawe. Dit was so 'n vleiagtige plek. Maar dit was so 'n water dat so vinnig as wat hulle die lyk laat sak, staan 'n paar naturelle en skep net so vinnig as hulle kan die water uit. Dan sit hulle die kis vinnig in en gooi die grond op, al reën dit nie. Maar toe met die reën het Stander, daardie laerkommandant, se twee kindertjies uitgespoel; en dit onthou ek nog, dat hy die môre vir sy vrou gesê het — want hulle het in die een helfte van die tent gebly en Botha in die een, want dit was Botha se swaer — dat hy vir sy vrou sê: Dis snaaks dat net my twee kinders uitspoel.

Daar is darem nog 'n paar ander ook uitgespoel, maar hy meen nou dat dit juis sy twee moet wees. Dit was nie vloedwater nie. Nee, die water van onder het die kiste opgestoot met die vreeslike reën. Toe het hulle sugvore en dinge gegrawe. Nou is sy kinders toe ook daar dood. Aan masels. Hulle het 'n vreeslike lyding gehad, naderhand pêrels op hulle oë gehad. Hulle het mos beweer . . . kyk die kinders wat die masels gekry het, het uitgeteer. My broer Stoffel, sy kop was soos 'n groot mens s'n, en sy lyf

was uitgeteer en al sy tande in sy mond was los. Dis of ek hom nou nog sien. Hy het drie maande aan my rok vasgehou. Hy was so oor my. Net waar ek my draai, is hy. Dis net of ek hom nou nog sien. Dan het hy stukkies vrotmeelbrood, en dan het hy 'n bietjie sout, dan druk hy dit so, en dan het hy die paar krummeltjies wat hy afkry. Dié sluk hy dan in, want hy kon nie eet nie, sy mond was te seer. Hóór! dit lyk na stories, maar dis werklikheid.

Ek het by die Botha's te lande gekom. Ons was saam met hulle van Machadodorp af. Toe ons daar in die kamp kom, hy het vier sulke opgeskote kindertjies, toe word hy en sy vrou albei siek en die kinders was lief vir my. Vra altyd vir my ma of ek met die kindertjies kan gaan speel. Nou soos 'n kind nou maar is, ons is ook hoogmoedig. Sê ek vir my ma: Nee, ek gaan nie. Ek is nie kindermeid nie. Sê sy: Nee, jy gaan help sommer die mense. Ek het hulle gehelp en naderhand moes ek daar slaap want hulle bene was net so dik geswel. Daar het ek ook gesien dat 'n mens 'n mens bloedlaat, en dat jy gesond word. Hulle het glo, ek weet nie, slepende koors gehad. Toe het daar 'n man gekom en het hulle hier in die been in die áar bloedgelaat.

Maar in alle geval, ek het dáár gebly. Ek het naderhand daar geslaap, en saans word 'n kermisbed vir ons, vir my en die kinders op die grond opgemaak. Ek kom die môre by my ma terug en my ma en haar kinders lê almal op die katel. Eenkant het hulle die kis gesit om die bed groot te maak, dat hulle nou almal op die katel kan slaap, want die grond — dit is mos daardie fyn klippies wat so aanmekaar is; dit is maar hard en koud! Toe sê ek vir my ma ek gaan nie weer terug nie.

Sy sê: Hoekom nie?

Ek sê: Nee, al ma se kinders slaap dan op 'n katel, ek gaan nie meer op die grond slaap nie.

Die anderdagmôre vroeg — ja-nee, ek sien daar kom oom Renier aangestap met 'n jas. Ek wonder wat gaat hy nou maak. Hy is toe na my ma toe. Ek is toe weg. Hy vra vir my ma waarom wil ek nie daar slaap nie en my ma sê toe vir hom. Hy het toe sommer daar met sy kierietjie aangesukkel en 'n kateltjie laat maak. Groot. En maar weer mooi gepraat tot ek maar weer by die kindertjies slaap sodat ek hulle snags kan help, want hy en sy vrou is huipeloos.

Maar nou het hulle — soos ek jou sê, hy was die man wat ons die kos by ontvang — hulle het volop! Maar hulle is so skelm! Dan pak hulle in 'n emmertjie 'n paar stukkies vleis en brood en beskuit, of stukkies botter, of sulke goed. Dan moet ek nou gaan water haal, daar by my ma langs. Dan moet ons so skelm-skelm daardie goed daar uit haal, want as hulle dit



agterkom dan is hy in die moeilikheid. Op so 'n manier het ek toe ook maar daar gebly om my ma aan die lewe te hou.

Maar die mooiste grap is toe my broer Hans. Hy dra toe vir 'n ou tannie Van Rensburg water. Elke dag 'n emmertjie water. Só 'n groot emmertjie. Die Engelse het haar gehuur vir 'n pond 'n maand om twee oumense op te pas. Vir die oumense 'n tentjie langs hare opgeslaan. Ou tant Sannie van Rensburg is haar naam. Baie grappige ou vrou. En as my broer nou daardie sjieling kry, dan vat my ma dit altyd en dan koop sy daarvoor vuurhoutjies, of sy koop 'n blikkie biltong en deel dit onder ons uit. Maar toe vertel die tant Sannie laat sy was so dom toe sy getroud is. Dit onthou ek ook nog; en onthou hoe klein was ek! Hulle is getroud en haar man het vir haar 'n katel gemat, met rieme gemat. Maar hy het nie die hare afgemaak nie. En sy was gewoon haar pa haal die hare af.

Die man het eendag gaan jag, ook in die boswêreld, en sy het huis skoon gewit. Sy het die katel uitgedra, sy't gras onder gegooi en sy het die gras aan die brand gestee. Sy sê: toe die rieme begin te spring, maak sy die vuur dood, en sy dra die katel in. En sy is so bang, want sy het 'n baie kwaai man gehad. En haar man kom die aand. Sy dog: wag, hy moet eerste gaan lê dat sy nou sien wat gebeur. En hy gaan lê op die bed. Sy sê sy dog hy maak haar dood, maar hy het nie; hy het tot vlak voor haar geloop en vir haar gesê: Wat het jy gemaak? Jy wou die hare afskroei? Hoekom het jy dit nie heeltemal afgeskroei nie. Sy sê: Nee, toe begin spring die rieme. Hy sê: „Dan laat jy my val!”

Die nagte in die kamp is iets wat mens nie vergeet nie. Hoeëe! Jy hoor in die nag . . . dit was iets vreesliks. Hier hoor jy een huil, daar hoor jy een bid, daar hoor jy een lag, daar hoor jy een kerm, daar hoor jy een kla en steun. Dis nooit . . . dis altyd daardie treurige stilte wat gemeng is.

Vroeg in die môre dan begin hulle te sing en te bid. Op! En dan maak hulle maar hulle vuurtjies. Ons gaan grawe daardie elandswortels: hulle gee 'n bietjie hout, maar dis so min. Grawe maar wortels en jy maak 'n ou vuurtjie en probeer 'n ketel kook. En die mense — die vroumense het altyd werk, want jy weet: klere is maar skaars, hulle moet maar lap en stop en hulle moet maar die klere vir die kinders skoonhou. Alles self doen.

Die kos, die rantsoene . . . O, die was vreeslik, om jou dit te sê. Een tyd het hulle daar 'n klomp skape gehad. En as die skaap die môre van die lêplek af weggaan, die wat bly lê, die slag hulle dan. As jy dit so teen 'n tentpaal gooi, dit is so slymerig, dan bly hy daar vassit. Maar daaraan het ek my siek geëet toe ek masels gehad het, want ek mag nie vleis geëet het nie. My ma het maar sop gekook daarvan en ek was baie honger en ek het geëet en ek was amper daardie nag dood. Ja, van daardie stukkie

vleis. Maar in alle geval toe het die mense gaan kla en petisies opgetrek. Toe het hulle naderhand vir ons ysvleis gegee. Maar baie min.

Daar was ook 'n skool. En weet jy wie het vir ons skoolgehou? Op't Hof! Hierdie Op'thof se vader. Hy was die prinsipaal. Hy was 'n wonderlike man. Hy het 'n pragtige koor gehad, 'n vreeslike mooi koor, want daar was baie, baie jong mense. En ek onthou nog so goed toe hy en sy eerste vrou getroud is, toe het my ma nog haar wasgoedmandjie vir Liëna gaan gee. Want hy wil hê sy moet koek bak, en daar is nie hout nie en sy kan nie koek gaar kry nie. Toe het ek vir haar met die mandjie gehelp vuur maak. Hy's daar getroud. Met 'n nooi Broekman.

Maar 'n mooi entjie pad is vir my toe hulle ons nou aansê om reg te maak, want nou stuur hulle ons uit plase toe, ná die oorlog. Dis 'n móóí deel! Nouja, ons het waens gekry en reggemaak. Ag, ons is te bly! Ek het nie klere gehad nie, ek het een rok gehad wat my ma — ek weet nie op hoe 'n plan — vir my gekoop het nie, 'n perse met swart blommietjies. En ek was hoogmoedig op dié rok, want dis al wat ek het. Toe die wa stilhou by die eerste uitspan, is ek toe te bly. Ek raps my daar bo af, my rok hak daar vas, en toe ek onder kom toe het ek net die . . . die hele rok hang daar bo en ek het net die bolyf aan.

Maar in alle geval, my ma het maar weer 'n ou ding vir my daar aangetrek, 'n romp, en hier kom ons kinders. Jy weet hierdie blare wat jy in die veld kry, wat so harig is. Dis ongelooflik, maar hier waar die aar is, loop die luise 'n string! Ons gaan toe vir hulle dit wys en hulle wys toe vir die kommandant, wat dadelik laat inspan. Ons het mooi op 'n ou kamp van die Engelse uitgespan!

Toe kom ons by die huis. Daar het my broer toe so sinkplate, by oom Gawie, tant Sarie se man, sinkplate só gesit, en vir ons skuilings gemaak. Jy moet weet: Op die sterfbed van Kotze se vrou, sy het nege kinders gehad . . . tien! Op haar sterfbed gee sy haar kinders aan my ma af. Toe sê my ma vir die kommandant sy is verantwoordelik vir hierdie kinders, sy moet hulle saamneem. Toe het hulle die kinders en ons op een wa gelaai. En die is toe daar by ons op Skaapkraal afgelaai.

En daar is 'n ou stalletjie, dié het my ma van die seuns laat skoon- en regmaak vir hulle. Dit was ook maar 'n klein stalletjie, met 'n staandakkie. Die kinders het daarin gebly en ons het in 'n tent en onder sinkplate gestaan.

Maar nou het ons nie kos nie. Ons het nie kos nie. Die bietjie rantsoen wat ons gekry het, was hopeloos. My oom, Kommandant Swarts, stuur toe vir ons tien sakke geel mielies met geleentheid. Baie van die kalender

uitgevreet, maar ons is te bly om dit te kry. Daardie mielies het ons in water gegooi, en gestamp, en ons het daarvan koffie gebrand, en dit het ons aan die lewe gehou.

Maar nou, iets wat ek nog nooit weer ná die tyd gesien het nie: perskes aan die bome het nie sleg geword nie, hulle het droog geword. Party aan die bome, die ander lê aanmekaar droog onder die bome. Dan het my ma dat ons van die perskees pluk en optel. Dan gooi sy dit die aand in die water. Die anderdag môre dan sny sy dit oop en kan sy mooi sien: die slegte plekkies is skuimagtig, maar die goeie plekkies is net soos gewone droë perskes. Dan het sy dit vir ons gekook. En dan . . . ons het gesê: Engelse aartappels, maar dit is aartappels wat opgeslaan het, wat wild geword het. Wit, so langwerpig, met pers ogies. Dan grou ons dít uit. Daar was nog selotte in die ou tuin. En daar was duisende tortelduiwe. Soos ek nog nooit gesien het nie. Tortelduiwe en muise! Verskriklik! Dan stel die broers en ek wippe, en die Kotzé-seuns. Dan vang ons tortelduiwe, en dié het ons in 'n kas. Dan kook my ma en die Kotzé's se suster wat vir hulle gesorg het sop van die aartappels en die duiwe, en sy kook die droë perskes, en dan die stampmielies.

Dit was toe Augustus - Septembermaand, 1902. Oom Chrisjan Joubert en oom Paul Mostert en dié klomp — jy weet, oom Chrisjan wat ons Parlements lid was later — hulle maak toe so saam 'n skotskar, en hulle het vier osse bymekaareskraap, of ses, ek onthou nie meer nie. Nou gaan hulle vir ons 'n rantsoen haal op Machadodorp. En hulle is toe weg. My broer is ook saam. Broer Gawie. My Pa is toe nog krygsgevangene. En hulle bly veertien dae weg! Daar was moeilikheid, jy moet jou plaas se papiere toon, en ek weet nie: jy moet een vir die ander borg staan, en wat en wat weet ek nie. Maar hulle kom toe terug met die kos. Dis of ek dit nou nog sien. My ma het van die klein groen vytjies het sy so 'n bottel konfyt gekook, en 'n blikkie botter gevat en 'n blikkie biltong en so 'n groot „can fruit” — bottel beskuit, en sy sit dit op 'n hoekrak en sy sê vir ons kinders — ons sit toe aan tafel — „Ek wil julle nou vanaand iets vra.”

„Ja, ma, ja ma, wat is dit?”

Toe sê sy: „Al kry ons nou weer net so honger as wat ons gehad het, moet julle nooit vir my daardie goed vra nie, want as julle Pa kom, wil ek hom tog 'n ordentlike stukkie kos gee.” En ons het dit nooit gevra nie.

Maar die Sondag is dit so mistige weer en dis so koud, en my ma se oudste broer kom daar verby met 'n wit perd. My suster en ek sit op die rantjie en kyk. Toe hy nou ry sê ons: „Kom ons gaan hoor wat sê oom Gys.” Hy kom juis van oom Piet Taute af, mev. Brooks-hulle se pa.

Hy bly hier op Dullstroom, naby Dullstroom. My ma vertel toe oom Gys sê dat oom Piet (hy was nou veldkornet) laat vir haar weet sy moet haar nie bekommer as pa op Belfast kom hoe dat hy by die huis kom nie. Hy het al klaar reëlings getref met 'n perd. Pa sal ry tot by hom, en dan by hom sal hy vir pa 'n ander perd gee en dan kom pa huistoe. Maar pa se naam is nie by die groep wat nou in Durban geland het nie. Hy het dit deur-gekyk. Dus pa is seker nou in die volgende groep.

En die aand dis so koud, en my man, Anton, was toe so 'n jong seun, hy kom daar verby. Te perd nog. Gesels met ons . . . en hy het gery en ons gaan slaap en oom Gawie en tant Hennie sit nog in die eetkamer. En ek gaan toe slaap en hier kom tant Hennie in. Maar toe bid ek. Ek het gehoor hoe bid die oumense: „Here, het ek dan nog nie genoeg trane en gebede gestort nie? Kyk hoe treurig lyk ons! Kyk hoe stukkend is my naghemp! Ons kan hom nie meer heel maak nie, die gare . . .” Nou moet jy weet, nou vertel ek alles vir die Here. Hier kom tant Hennie in en sy sê: „Staan op! Jou gehuil sal jou niks help nie! Jy vat net kou hier waar jy is.”

En my ma — sy slaap by ons in die kamer — sy sê: „Ag, Hennie, moet tog nie so hard wees nie! Die kind se hart is baie seer.” Sy sê: „My kind, al is jou pa vanaand op die pad sal hy tog nooit kan kom nie. Kyk hoe 'n wrede weer is dit!”

Ons maak ons toe, en ons gaan lê. En daar by tien-elfuur hoor ons my ma sê: „Maar ek ken mos dié stem, kinders!” Toe is dit my pa wat na Gawie roep, na oom Gawie Marais.

„Gabriël, Gabriël!”

En my ma sê: „Ek ken mos dié stem!”

Maar hoe ons uit daardie bed gekom het, weet ek nie. Ons kan nie ons klere kry nie. Ons wil aantrek — jy weet dis maar kerse, ou vetkerse, maar ma is uit en my broer is uit! En my pa het gekom! En al wat ek onthou: dit was pa en ma, en ek en Hennie, en Johan en Stoffel, en Hans. Ons was sewe. En ons sit op die groen kis. Al sewe. Dan kyk my pa so vir my ma, dan kyk hy so vir ons, en dan vee hy die trane af. My pa het 'n bruin baadjie aangehad wat so 'n toe hals is, só toegeknoop het. En wat noem jy nou weer daardie broeke? Bokvelse broek? Ja, ek weet nie meer nie. Daardie snaakse wit harde goed, daarvan het hy 'n broek gehad. Daar sit ons toe op die kis en kyk vir mekaar en huil tussenin.

Nou ja, toe pa nou eers by die huis is — die anderdagmôre maar rond-geloop en eers die wêreld beskou. Ja, en toe laat hy die huis en die waenhuis opbou en hy verkoop daardie ander plaas wat die laaste tyd so duur verkoop het, waar die platina op is. Hy gaan toe Kolonie toe en koop vir ons bietjie veetjies. En so het ons weer begin.

# A. Kloppers

## *NAGSEE*

Die nag se swart word see —  
die vroeë aandster  
dobber op geheim  
van heuwels  
en kou kontoere.  
Hoër flits  
die branding  
van die blink popliere  
in die wind.  
Die maan breek skuimend  
oor die winterwerf  
en nag se groot-oog-meeue  
soek vergeefs  
na vis.

## *OPDRAG*

Hoor jy die korhaan  
by die klipkraal skree?  
Sien jy die son  
die goudvangrante raak?  
... Kom, sê jou sê  
voor dit te laat is  
en jy moet gaan slaap!

## *RETORIESE VRAAG*

Ongeduldig roer jy  
waar jy veilig, warm  
en so naby aan haar  
liefde is . . .

Sal jy nie later  
as jy vér is van  
dié sonderlinge string  
en buite in die  
koue nêrens skuiling vind  
verlang na haar  
getrouer bloed?

AAN N

Jou oopgelate kring  
is nou voltooi . . .  
Nou dat jy dood is —  
doof en blind en koud —  
sal pluimsaad van jou woorde  
warm plekkies vind  
en groei  
hier in die braakland  
van my hart.

*Wessel Pretorius*

## Woorde vir 'n meisie

jy kan nie ink uit my pers nie  
my ink is immers rooi soos my liefde.

ja ek skryf gedurig met my bloed  
teen die gryse van jou gewelddadigheid

want geen gesig (die oë neus en mond)  
regverdig 'n tweede oogopslag nie

ons momentane ervarings vier hooggety  
wanneer en slegs wanneer die liefde vasbyt

om jou dan tongloos verbyster te laat  
in my ewige proses van verduideliking

# Greta Sauerman

## Vrede

Die rooivinke antwoord nie;  
sy lippe is wit en lelie-bitter—  
dorstige pienk voël soek my mond,  
drink my borste geurig en soet . . .  
Ons het die skoelappers gevang;  
in ons oë brand rooi toermalyne  
ons haal asem soos blomme en reën.  
Blou blare-hande soek na myne,  
verbryselde motte wit en vol pyn.  
Groen kokkewiete skreeu ons liefde  
en sy lippe wat raak aan myne  
word die lag van voëls en engele.

### WAAR DIE BLOMME LÊ

Die Rooi-en-wit Admirale brand,  
naaldekokers lê soos klein  
bleek lyke:  
ék is blind van die frangipani.  
My hande en voete, skaaldiere  
skarrel na benede; my liggaam  
dryf tussen verrotte blare,  
grys wilde-eende en verdriet . . .  
Ek is 'n wit engel, naby God  
en sy soene  
ék is die lied van die nagtegaal.  
In sagte proteas brand die krale  
van my bloed,  
en wurms kreet die lied van lelies  
wat bars in die son!



Dr. P. J. Van Zijl

## Die Mikro-huldigingsaand

„Ons dink vanaand aan Mikro se besondere arbeidsvermoë. Om 107 boeke te lewer getuig van 'n werkywer wat aan die fantastiese grens. Mikro met sy toeganklikheid en vriendelikheid moes 'n soort obsessie gehad het i.v.m. sy skryfwerk.” So het mnr. Jaco van der Merwe Saterdagmiddag, 9 Mei, gesê by die ope vergadering van die Afrikaanse Skrywerskring (Werkgemeenskap Stellenbosch).

Mnr. Jaco van der Merwe het hulde gebring aan C.H. Kühn (Mikro) wat in lewe 'n verskeidenheid van poste beklee het en sy plek volgestaan het bv. onderwyser in skole, dosent van die Opleidingskollege te Oudtshoorn, staatsamptenaar en redakteur van 'n landboublad. Ten spyte van 'n vol program, het hy die Afrikaanse Letterkunde verryk. Trouens, wanneer 'n mens sy lewensbeskrywing *Hy koop vir hom 'n pen* lees, dan sien jy dat hy eintlik 'n rustelose was wat snags opgestaan het en homself seergemaak het om te skryf.

Die spreker het op treffende wyse ook angetoon dat benewens speurverhale en avontuurverhale daar ook jeugboeke van Mikro se pen verskyn het wat gesond en onderhoudend en op die behoefte van die Afrikanerkind toegespits was. „Sy jeugboeke laat hom 'n permanente plek in die literatuur inneem”, was dan ook die woorde van die spreker.

Mnr. Jaco van der Merwe het vervolgens die bydrae van Mikro bespreek op die gebied van die roman en dan meer bepaald die sg. realisties-humoristiese uitbeelding van die Kleurling soos in die *Toiings-trilogie*, *Huisies teen die Heuwel* en *Die Donkerstroom*. Ook die latere uitbeelding van die lief en leed van die klein mensies van *Gonnakolk* en *Soetwater*, is bespreek.

Die spreker het inderdaad daarin geslaag om die gehoor van meer as 300 onder die besef te bring dat ons in Mikro 'n skrywer gehad het wat die letterkunde op sy bepaalde gebied verryk het, en dat dit juis daardie absolute deernis met sy minderbevoorregte medemens was wat hom anders gemaak het as ander Afrikaanse prosaskrywers.

Dit was 'n unieke en geslaagde byeenkoms wat in die mooi skoolsaal van Bloemhof Hoër Meisieskool plaasgevind het. Mev. Kühn, wat vroeër jare self as Ora Steyn hoofmeisie van Bloemhof was, het saam met haar jongste seun en ander familie die byeenkoms bygewoon.



Na die kort huldigingswoord is 'n treffende film vertoon oor Mikro se lewe. Kort voordragte uit *Gonnakolk* en die *Porseleinkat* is op meesterlike wyse voorgedra deur mev. D. Hofmeyr van Firgrove, Stellenbosch.

Vervolgens is ook 'n opname van Mikro se stem gespeel waar hy kortliks vertel hoekom hy onder dié naam geskryf het.

'n Groot aantrekkingskrag van die aand was ongetwyfeld die pragtige uitstallings van al Mikro se werke asook skilderye wat hyself geskilder het. Mev. Kühn word geloof vir haar samewerking in hierdie verband.

Aan die einde van die byeenkoms is 'n orgidee deur mev. Ansu van Zijl namens die Afrikaanse Skrywerskring aan mev. Kühn oorhandig. Na afloop van die byeenkoms het mej. Coetzee, die hoof van Bloemhof Hoërmeisieskool, aan die lede van die Afrikaanse Skrywerskring en gaste heerlike verversings en tee bedien.

In die geheel gesien, was dit 'n geslaagde byeenkoms wat veral vir die groot getal leerlinge van onskatbare waarde was.



Mev. Ora Kühn en prof. F.C. Fensham bekyk een van die 107 boeke van Mikro.

# Lucas Malan

## Verse

Maak my 'n weiding  
van bokwiet en klawer  
'n bergstroom windswael  
hoog teen die wind  
ek wil wegkom  
wentel waai soos waaigras  
wegrol oor jou vlaktes  
jou bekende vrese  
van droogte van kraaie;  
ek wil net die sagte  
dennereuk wees van jou wange  
jou ligte oë  
wat kon lag net soos water

\* \* \*

Dis nie meer jy  
wat bid nie  
nóg jou mond se smeking  
ook nie jou oë  
wat fonteine oopbreek nie  
selfs nie jou woorde nie:  
hulle het die wind bo jou verkies

Dis nie meer jy  
wat die daeraad wakker maak  
met wierook van gebede nie:  
dis jou hande  
net jou doelgerigte hande  
wat bid soos swaels op reis  
na die voleinding van hul dae

Pelgrim ek haas my  
met die swaels jou vlietende hande  
want ons snel daarheen  
soos die vonke boontoe vlieg

\* \* \*

Jy word vermis  
in die vyfuur-middagstoet  
die daeraad betreur jou afwesigheid  
by Saterdagavond se vermaaklikheid  
vermoed almal dat iemand ontbreek;  
dis jy wat seisoene verwar  
bloot omdat jy nie meer hier is  
om die neerlaag van herfs te ervaar  
papawers in die weiding te pluk  
en gunstige reëns te ontduik nie —  
marmervloere begeer  
om jou voetval te eggo  
en busse verpoos 'n oomblik langer  
by haltes:  
dat jy miskien tóg  
op die laaste oomblik  
— verterende verwagting —  
afhanklik sal wees van vervoer  
nes al die ander gewone mense

Maar jy was geen gewone mens nie  
jy't jou vriende afgesterf  
sonder wroeging sonder gemis  
en net die laatmiddag gevra  
om jou altyd in herinnering te roep

Nee 'n gewone mens was jy nie  
daarom word jy oral vermis  
en my dae is reise na jou  
en niks is meer helder nie

En jy praat nie meer met my  
vanuit jou donker kelder nie

# Ryda R. Schulze

## Gedigte

die reën duik in flardes  
en duisel in die wind  
wie se kind is jy  
pragtige vaalhaar kind?

die reën tokkel in bo-toon  
en tokkel op die snaar  
wie se vrou is jy  
waters waarin ek vaar?

ons spel die klank van reën  
en proe waar druppels val  
vrou is jy die kind  
wat sê ek maak jou mal?

### VENUS

die vuur brand  
in die skeur  
van hierdie berg

die vleis geur  
in hierdie nag  
vars in sy hande

### BENARES

jou heilige water swel en  
ruis in my ondergronds  
dit stoot in my oë op  
en kleef soet aan my wortels

my gange voel jou stroom  
om rots in poele stort  
en ek is deel van jou  
Ganges, jou heilige water

## STORM

die trein hardloop  
oor die boswêreld  
die wind waai die  
heuvels skuins en  
dit orkaan die  
land se ruggraat af  
tot die reën in vlae  
begin stort en  
jou binnekamer  
uitasem  
as die bliksem  
jou spieël  
voel tref

## TROMBOSE

die man lê in die kamer  
hy het 'n hartaanval gehad  
nou moet hy rus  
die vrou werk en hy is alleen

buite reën dit  
die vertrek is donker  
die venster 'n skemer wit

hy staar  
daar is niks in hom  
hy luister na die geluide  
die klank op die dak  
die reënkwalityeit self  
die drup op die stoep  
die hardloop in die geut  
die dowwe algehele suising  
'n gedempte plomp op die grond

die kat spin langs hom  
hy pomp sy pootjies  
die kers flikker skraal  
die hond gee 'n slaapsnork  
en sy poot ruk soos hy droom

die man kyk na die plafonpatroon  
hy volg die groefies een vir een  
so asof hy hulle aftrek  
die plafon is hoog  
en wit

buite reën dit

die man lê in die kamer  
hy het 'n hartaanval gehad  
nou moet hy rus

## SANATORIUM

hierlangs slaan klokke verskriklik suiwer  
pligsetroue klank  
die lug is dun gekla en  
gehuggies hyg rook uit  
die luggie draal dit op in  
donkerblou lug in  
die swart niks in  
die nag in  
hierlangs slaan klokke elke kwartier  
'n brons dun vuis teen die lug

# Julien Van Remoortere

## De Kinderen

De kinderen waren vrolijk die dag. Ze speelden haasje-over en verstoppertje. Ze krioelden rond de vunzige barakken, die stonken naar al wat afval is. Maar het was lente, mooi weer buiten, de zon lachte boven de hoge, pikzwarte schouw van het stenen gebouw in het midden van het kamp. En de kinderen speelden. Hun gelach en geroep klonken ver over de prikkeldraadomheining. Toen, even voor de middag, kwamen tien soldaten het kinderkamp binnen, tien zwarte mannen. De zon blonk dof in hun helmen en wit op het staal van hun geweren.

— Zwijgen! riepen de zwarte mannen. Zwijgen en verzamelen. De kinderen staakten hun haasje-over en hun verstoppertje. Nee, enkelen niet; die hadden niet gehoord wat de zwarte mannen riepen. De overste van de zwarte mannen werd kwaad. Hij nam een stok en sloeg op de kinderen, die niet gehoorzaamden. Toen gingen die ook in de rij staan, net zoals hun kameraadjes.

— Vooruit! beval de overste. Op stap en zingen!

De poort van het kinderkamp werd wijd open gezet.

— Voorwaarts . . . marsj!

De kinderen stapten op. Ze zongen erbij. Een liedje van de hei en Erika, de bloem en het meisje. Hun blote voeten stapten in het stof van het kamp. En de zwarte mannen liepen nors en zwijgend rond de rijen kinderen.

Buiten de omheining begon het grote-mensenkamp. Daar liepen mannen rond in gekke kledij, net pyama's. De mannen keken niet veel om naar de kinderen. En ze lachten niet, noch speelden haasje-over of verstoppertje, nee. En toen de groep kinderen hen voorbij ging, staarden ze vóór zich uit en ze klemden hun dunne lippen open.

De zwarte mannen dreven de kinderen naar de centrale barak. Daar moesten ze blijven staan. Uit de barak traden nog andere zwarte mannen en ze geven aan elk kind een dunne, grauwe handdoek en een stukje zeep. Het stukje zeep was een heel gek iets. Het was kabouterzeep, zo klein! Maar toch was het geen échte kabouterzeep, nee. Ze was grijs en het scheen wel alsof er kleine korreltjes zand in vastzaten.

— Vooruit nu! riep de overste. Allemaal naar het bad!

En de kinderen gingen in de rij staan, de overste beval: Voorwaarts . . . marsj! en de kinderen zongen weer van de hei en van Erika, de bloem en het meisje.

In wijde boog stapten ze in de richting van de hoge, pikzwarte schouw, die intussen aan het roken gegaan was. Een pikzwarte gulp rook steeg er uit op en die rook maakte het lachende gelaat van de zon vuil. Misschien was de pikzwarte schouw een fabrieksschouw, maar dat wisten de kinderen niet. De mannen in het grote-mensenkamp wisten het echter wél, maar die zwegen, ze staarden vóór zich uit en klemden hun dunne lippen vast open. En de zwarte mannen zegden het ook niet. Hoe zouden de kinderen het dan weten?

Toen kwam de groep bij een heel nieuw gebouw. Ze hadden het nog nooit gezien. Alles blonk er aan. Een brede, ijzeren poort, die grasgroen geschilderd was, een brede stevige muur van vuurrode steentjes en kleine raampjes, waarin het zonlicht schitterde en die net de ogen waren van het heel nieuw gebouw.

— Halt! beval de overste.

De kinderen stonden stil. De zwarte mannen hadden hun geweren van de schouder genomen en hielden ze onder de arm. De zon glom zwart in de helmen. De overste liep naar een klein huisje, dat als een kindje was van het grote, heel nieuwe gebouw. Hij ging er binnen. De kinderen en de andere zwarte mannen wachtten. De kinderen vonden het gebouw heel mooi. Ze dachten dat ze erin mochten wonen. Dat zou heerlijk zijn. Ze zouden door de groene, de grasgroene poort hollen en door de kleine raampjes naar buiten kijken, naar de zon.

Hoe zou het zijn van binnen, het grote, het nieuwe gebouw? De kinderen roezemoesden onder mekaar, doch toen brulden de zwarte mannen dat het welletjes was en dat ze moesten zwijgen. Links en rechts vielen er klappen. De kinderen zwegen dan maar. Doch ze waren niet bang voor het grote, heel nieuwe gebouw. Ze konden er niet genoeg naar kijken.

Een tijd later kwam de overste terug uit het kinderhuisje, op de hielen gevolgd door een zwarte man, die verveeld met de armen zwaaide en die rood zag in zijn gezicht.

— Ek kan het niet helpen! riep hij uit. Er ontsnapt gas. Men is volop bezig de laatste lekken te sluiten.

— En hoelang duurt dat nog? vroeg de overste.

— Minstens een uur!

De overste werd ook rood in zijn gezicht.



— Wat moet ik hier om de duivel een uur met die kinderen doen? brulde hij.

Dat wist de andere ook niet.

De overste liep langs de rijen. Hij zag er erg verveeld uit.

Hij zuchtte diep, keek naar de lucht en naar de grond en naar de toppen van zijn zwarte laarzen. Toen zei hij:

— Soldaten, hou die kinderen zo lang nog bezig!

Dat deden de zwarte mannen. Ze gespten hun helm af en legden hem op de grond. Ze namen hun geweer en legden het bij de helm en daarna deden ze hun vest uit en legden ze bij de helm en het geweer. Toen waren het geen zwarte mannen meer. Ze lachten naar de zon. Ze speelden met de kinderen. Eén holde weg naar de soldatenbarakken en keerde weldra terug met ballen. Ze gooiden, schopten, kopten, kaatsten met de ballen. Ze tuimelden in het zand. De kinderen speelden mee. Hun gelach en gejuich hingen over heel het kamp, de soldatenbarakken, de kinderbarakken, het grote-mensenkamp, het grote, heel nieuwe gebouw en de hoge, pikzwarte schouw. Wat hadden ze een dolle pret. Een zwarte man — die dus geen zwarte man meer was, maar je weet wel wat ik bedoel — kroop op handen en knieën door het stof. Hij was een koe en hij riep „beu! beu!“. En toen moest hij naar de stal en van de stal naar de wei en van de wei naar de stal. Toen werd hij verkocht aan een andere boer. En toen moest hij bij die nieuwe boer van de stal naar de wei en terug naar de stal.

En nog een andere zwarte man — die ook geen zwarte meer was, je weet wel? — sprong haasje-over met de grootste kinderen.

— Lager! riepen de kinderen. Lager!

Hij bukte zich nog meer, totdat hij bloedrood zag in zijn gezicht. En de kinderen wipten over hem en hij lachte dat de tranen over zijn rode wangen bengelden.

En nog een andere zwarte man was doelwachter. De kinderen hadden een doel gemaakt met twee handdoekjes, één links en één rechts van de doelman. De doelman moest op een lijn staan, die de kinderen in het zand hadden getrokken met blote voeten. Toen moest er een strafschoep worden gegeven en hij zat! Het was te lang en laatste zeventwintig-nul! En de zwarte doelwachter verloor natuurlijk, maar daar gaf hij niet om, want hij lachte en zei dat een blond jongetje een zeer hard schot had. Wat was dat blonde jongetje trots!

En nog een andere zwarte man — och ja, je weet dat ze nu niet zwart meer waren — speelde met de meisjes. Hij was de winkel. Hij stond tegen de rode muur van het heel nieuwe gebouw en vóór zich had hij steentjes in het zand gelegd, kleine, grotere en grote steentjes. Maar dat waren geen

steentjes, nee. Dat was boter, brood, aardappelen en wat weet ik nog meer. De meisjes kwamen naar de winkel. Ze zegden: „Ring! Ring!” Dat was de bel van de winkel.

En de zwarte man zei toen:

— Dag, mevrouw. Mooi weertje vandaag, niet? Wat zal het zijn? De meisjes kochten heel zijn winkel leeg. Ze snoepten boter, brood en aardappelen en wat weet ik nog meer. Maar nadien gaven ze de steentjes terug aan de zwarte man en het spelletje herbegon.

En nog een andere zwarte man stond midden in een kring van kinderen. Hij zat in de pot. Hij mocht er niet uit, nee! Hij mocht er slechts uit, wanneer een kind in de pot moest. Maar dat duurde heel lang. Hij gaf er niet om, hoor! Hij lachte en klapte in de handen en de zon blonk op zijn zwetend aangezicht. Toen kwam plots de overste, na lange, lange tijd, maar voor de kinderen scheen die tijd heel kort.

— Stop! riep de overste. Het is gedaan!

De koe was geen koe meer, de doelwachter geen doelwachter, de winkel geen winkel, de man-in-de-pot geen man-in-de-pot meer. Ze waren plots weer zwart. Ze deden hun vest aan, ze gespten hun helm vast, ze klemden hun geweer onder de rechterarm.

— In de rij! schreeuwde de overste.

De kinderen raaptten vlug hun handdoekjes op. Ze klemden hun kabouterzeepjes vast. Ze waren toch blij, want ze zouden het heel nieuwe gebouw binnengaan.

Toen schoof de grasgroene poort open. Er zat geen kruk aan. Het was wonder: ze schoof zomaar vanzelf en heel alleen open.

— Naar binnen allemaal! beval de overste. En zingen! Voorwaarts . . . marsj!

De kinderen stapten op blote voeten door het zand en ze zongen van de hei en van Erika, het meisje en de bloem. De zwarte mannen draafden er omheen.

Ze riepen:

— Hop! Hop! Laat het vooruit gaan!

Ze duwden de kinderen naar binnen. En het laatst van al ging het blonde jongetje door de grasgroene poort. Wat was hij trots met zijn hard schot! Hij schopte nog naar een steentje uit de winkel, een steentje, dat boter was geweest. Maar daar deed hij zijn voet pijn, want het steentje was hard. Het jongetje wou echter niet laten blijken dat hij pijn had. Als je een hard schot bezit, moet je de pijn kunnen verbijten.

En na hem schoof de grasgroene poort weer dicht, vanzelf en heel alleen. Maar de zwarte mannen bleven buiten. Ze hingen hun geweer weer

aan de riem over hun rechterschouder, zuchten tevrede, lachten eens kort en gingen terug naar de soldatenbarakken. Ze keken niet éénmaal om naar het heel nieuwe gebouw. Enkel de overste ging niet terug. Hij stapte naar het gebouwkindje en ging er binnen.

— In orde, zei hij.

Een andere zwarte man haalde een hefboom over. Eerst gebeurde er niets. Dan was, héél, héél ver, het gehuil van vele jonge stemmen hoorbaar. Maar niet zo lang. Daarna was alles stil . . . stil . . . stil . . .

De overste ging naar buiten. Hij keek naar de hoge, pikzwarte schouw. Hij wist dat ze weldra nog grotere gulpen pikzwarte rook zou opstuwen, zó zwart, dat de zon er misschien zou door verduisterd worden boven het kamp.

# Sarel Smit

## Gedigte

Ek is vol van  
dink en  
dood, kom druk  
my oë  
toe en kyk, wat  
in my  
so rooi en sonder  
bloed is.

Kind jy het gesterf  
die nag  
het jou groot gebreek,  
jou dood  
was, vreemd genoeg,  
net tydelik.

### 'N MENS BLOEI

Jou woord is  
wit en  
sonder vuur,

geel en glyerig  
moet  
jy loop,

die stadige  
dae  
van die dood,

jou oë  
moet bloed  
ken.

# Marietjie Joubert

## My skurwe aarde

laat ek jou weer omhels  
my skurwe aarde  
jou vulkaniese rooi speeksel  
wil ek dra in my mond  
jou donker ondergrondse waters  
laat tuimel in my bloed  
ek wil my liggaam  
bedek met jou wolke  
jou geskeurde wattekleed  
o my aarde my wêreld  
lê jou blinde woestyn neer  
in my hande

jy is my enigste liefde  
my enigste kennis  
ek het jou lief  
my skurwe  
wrede  
aarde

### HERFS

Botaniese woorde is vir my vreemd  
en die teologie begryp ek nie.

Maar ek wéét:  
God se vreugde reën  
herfstyd 'n waterval  
van vergiffenis in  
silwerrooi blare.

### DIE SEE

ou man ou vader  
jy met jou swart jas  
jou wit punterige baardjie  
haal asem haal asem  
snork saggies in die nag  
terwyl ek wieg  
op my bed op my boot  
met jou hoesie  
in my ore

### KOSMOS

In my is, o Heer  
'n meer van dankbaarheid  
vir U kosmosblomme  
langs my pad.

### BOEK

as ek my sluit soos 'n boek  
sal jy my nie lees nie  
sal jou verslae hande my bêre  
dat ek op jou boekrak pronk  
met my statige omslag

# Aletta Lübbe

## By 'n groentestalletjie

'n Oranje flits: geelwortels.

Skop remme vas.

Kyk of die swart pad skoon is.

Terugstoot tot regoor die stalletjie.

Een, twee, drie voertuie swiep verby — skop 'n warm walm oor die kant van die pad.

Klim uit.

Mik links. Mik regs. Draf oor die pad. Die teer brand deur skoensole.

Sinkdam.

Leivoor.

Koelte.

Skotse distel stoel geil waar water by 'n pomp uitlek.

Afdakkie:

Rye spinasie krul groen langs skoon wit uie.

Guitige geil radyse.

Wulpse wynrooi beet.

Lenige groenbone.

Aartappels, plek-plek nerfaf vars.

En geelwortels skyn oranje en matblink en glad en skóón met ferm groen lowwe. En ek weet as jy hom byt, gaan die binnedeel klein en die oranje omhulsel dik en kraaksoet wees. Wat kan met 'n geelwortel vergelyk word?

Goed vir kinders.

Goed vir dieet-slawe.

Goed vir sooibrand.

Goed vir honde.

Die wind waai koel oor 'n geil groentetuin, verby die stalletjie en stoot die lou asem van die teerpad oorkant toe weg.

My hande rus op 'n roosgrys boerpampoen en ek kyk hoe water uit die sinkdam in die grondleivoor wegpruttel. Ek moet onthou om die skotse distel vir die kanarie saam te neem.

'n Donkerogie boerinnetje verneem waarmee sy kan help. Agter haar in 'n groentekrat lispel 'n babaseuntjie. Joachim kyk tweemaal na my. Dan koop hy maar wat hy dink nodig is.

En kyk déur die raamwerk van die stalletjie na die land vol rye aartappels — kante opgeërd, wit in die blom; sommige al af sodat net die stingeltjies oor is. Dan weet jy die aartappels is bekwaam.

Bone rank teen gekruiste riete op of hang in die blaarkoeltes van stoel-bone. Tamaties geil tussen lae stellasies . . . En ek sien my pa se netjiese groentetuin . . . bedding na bedding eenvormig, goed beplan . . . En ek dink aan die hande wat hom geleer het: oupa Aucamp.

Ek onthou hoe hy papnat gesweet op 'n kombuisstoel neersak en vir Ouma — wat so lank ek kan onthou doof was — beduie om 'n droë hemp te bring. Intussen stroop hy die nat kakiehemp oor sy kop — soos mans van alle tye hemp uittrek sonder om al die knope los te maak. Met 'n klein handdoekie wat Ouma aangee, droog hy nek en gesig en bles af.

Ouma bol haar kieste.

„Jy gaan nog koue vat en siek word van die gespit in die tuin. Kyk hoe sweet jy . . .”

Oupa lag tandeloos en stryk die grys snor weerskante toe weg . . .

„Ag, my ou Vrou . . .” prewel hy net gemoedelik.

Sy hoor nie. Maar sy wéét wat hy sê of sien dit in die kreukels om sy oë . . . En vroegoggend bring hy die blomkool of kopkool of geelwortels en rape soos ek na daardie tyd nog nie weer gesien of geproe het nie. Of die stroopsoet klein bruin vytyjies van die boom waaronder die wasklip is . . .

Maandae wanneer ons opstaan, hang Ouma se wasgoed. Geen bediende kon haar wasgoed en skottelgoed skoon genoeg was nie. In haar huis was alles kraakskoon.

Nadat ons koshuis toe is, het ek soms speelye in plaas van koshuis toe te stap vir tee, by Ouma-hulle gaan teedrink. En altyd was die tee reg, die toebroodjie of beskuit netjies onder 'n skoon doek daarby. En Ouma stil oorkant die tafel met die een hand agter die oor gebak om beter te hoor.

En ek voel nou 'n skerp selfverwyt as ek dink aan dié dae wanneer ek nié gegaan het nie en die tee ook so reg gestaan het. As die pouse-tyd verby was, het sy seker nie meer in die straat opgekyk nie en alles stilweg weer opgeruim.

„Wortels asseblief — vier bossies,” hoor ek verweg.

Ek staan eenkant toe en al die groen beddings swem inmekaar soos 'n kleurfoto wat uit fokus is . . .

Oupa Aucamp was 'n sterk man. Vol streke toe hy jonk was. En vol stories toe hy oud was . . .

Ons het net die stories geken . . . van die Stormbergse dae in die „Kolonie”, van „oorle' Piet Vineere” (Van Heerden) en van broer Krisjan en Penhoekpas se oorsteek met die ossewa. En kwajongstreke sonder tal . . .



„An een koue wintersaand moes ek by ons naaste bure gaan komberse leen vir die onverwagte klomp reisigers wat oornag het. (Daardie dae het vreemde verbygangers dikwels teen sonder vanselfsprekend op die naaste plaas uitgespan en daar oornag). An ons was 'n klomp kinders. Dit was al sterk donker. Toe ek met die komberse terugkom op die stoep — dit was 'n hoë oop stoep sonder pilare of traliewerk — besluit ek om 'n wit lapaai om 'n besemstok te draai om my langer te laat lyk . . . en vir broer Krisjan in te wag. Geweet die grootmense sou hóm uitstuur om te loop kyk waar klein Harklas so lank wegbly.

„Ek staan en wag . . . Daar kom hy nou . . . ,Whaaa . . . !' Hy skrik só vir die wit gedaante . . . sit 'n vreeslike keel op en hardloop die huis in. Ek raap die bondel komberse op om gou die huis in te sluip voor die grootmense uitkom . . . Maar daar lag ek só dat ek sommer met bondel en al bo van die hoë stoep afneuk . . . ! Toe praat die platriem! ” En dan lag Oupa dat sy oë bottoe is en hy vee 'n slag oor sy bles.

„Nóg Oupa, toe asseblief, vertel nóg Oupa! ”

„Dit was winter — beesslagtyd. Die beesvel is oor 'n groot klip gehang en ingesout — om droog te word. Toe die vel droog was, sien Krisjan dat dit 'n eersteklas slee kan wees. Ons twee kon lekker daarin rondry. Al trekdier wat daar op daardie tydstop op die werf was, was 'n merrieperd met haar klein vulletjie. Ons is nie links nie en span haar tou in die bek voor die „slee” in. Ons klim in.

„,Vatso . . . ’ en daar trek ons. Oor die sagte grond het dit eers stadig gegaan. Toe die prosesie oor harde grond en klipperigheid beweeg, sê die vel „Grr . . . grrr . . . gorrr . . . ’ En die vulletjie hol 'Hie . . . hie . . . hie’ agterna . . . En die merrie sit op loop! Die vel-slee vlieg sommer sukke ente. Ons klou vas. Die merrie spring oor 'n sloot. Die slee slaan teen die wal van die sloot vas . . . Ek val uit — so uit soos 'n kers. Doodbenoud gooi Krisjan my nat met water uit die voor. Na 'n ruk kom ek by . . . Maar geen haan het oor dié sleeryery gekraai nie. Ek weet nie tot waar die merrie en die vulletjie gehardloop het nie! ”

En koringsnytyd was 'n nagdeur-storie, 'n dagbreek-storie en 'n son wat in die wit hemel stilstaan: vak na vak . . .

Halms tussen duim en voorvinger vasvat en „girts” sny die sekel . . .

Nog halms tussen voor- en middelvinger . . . girts . . .

Dan tussen middel- en ringvinger . . . girts . . .

Dan tussen ringvinger en pinkie . . . girts . . .

Die bondel neersit.

Weer so. Sny. Sny. Sny. Sny.

Een knie geknak terwyl die ander been so skuins na agter lê.

Sny. Sny. Sny. Sny. Neersit.

Weer so.

En agterna kom die jonger broer wat bondels maak en gerwe bind vir die aandra na waar mied gepak word wanneer die son in die weste uitbrand . . .

En Oupa kyk ver . . . vingers ineengestrengel met net die duime los en om mekaar draaiend.

„Wat doen Oupa as die duime moeg word van so draai?” vra ’n kleinseun.

„Dan maak ek so,” sê Oupa met ’n vonkel in die oog terwyl die duime ’n oomblik verstil om dan in die teenoorgestelde rigting weer om mekaar te begin draai . . .!

„Kom.” Joachim neem my arm oor die pad.

By die huis versorg ek half-verwonderd die vars groente. Hier in die stad raak ’n mens gewoon aan groente wat moeg gereis in die winkels aangebied word. Nie dikwels kry jy geelwortels syagtig matblink nie. Spinassie is dikwels verflenterd en bitter. Kopslaai verskeurd en gronderig. Beetblare pateties slap.

Hiërdie groente roep skerp beelde uit die verlede op:

van groente nuut uit die aarde

versorg deur hande wat die aarde ken en liefhet;

van hulle wat eenvoudig vanuit die aarde

na die Woord toe gelewe het:

waardig en stil

reguit en rustig

sonder komplikasies en komplekse.

En wat anders is vars soos ’n jong komkommer vars is? Daar in die tuin neem jy ’n stukkie by ousus Cora wat soos wafferse seun met ’n knipmes rondloop . . . En as ek vandag ’n koel eetkamer met die geur van komkommerslaai binnestap, dink ek aan haar . . . Sy het oupa Aucamp se streke geërf.

Teen die einde het Oupa geleidelik blind geword. Sit jy so bietjie by hom, vertel hy van die ver dae by die Stormberge en die trek Vrystaat toe . . . terwyl een hand op die kiere en die ander op ’n agterkleinseun se koppie rus. Ek onthou die trane wat onder die donkerbril uit verskyn wanneer hy voel hoe ’n agterkleinseun wat hy nooit kon sien, lyk.

„Hulle sê hy lyk nes ek . . .” het hy bewoë gesê.

En sy laaste woorde op aarde was: „Kom Here Jesus, kom haastig, Heer . . .”

Vincent v. d. Westhuizen

## Briewe aan my skaduwee

*konduktansie*

Die son het jou grimeer, mahoniebruin,  
tot donker engel van ons Heer se tuin,  
tot donker varkblom langs ons silwer kuil  
wat opgedroog het, nou's dit duin aan duin.

*tuisland toe tater*

En duin na duin op soek na bitterboelas,  
of maar 'n land van mielies en maroelas  
as later Ismael van ons streng annale.  
Jy dra my grond, maar erf die gramadoelas . . .

*. . . nogtans*

My liefde bly 'n fluitjie in die wind  
wat rietpluim oorbuig en aan rietpluim bind  
tot brug en boog vir stewel of konvooi  
tot ons versoening of genade vind.

*en*

Aan hierdie wind wat uit die noorde brom  
moet eendag nog 'n nommerplaatjie kom  
van wit op swart, wat identifiseer  
die iets wat tussen gramadoelas grom.

*want*

Ek het my lief wanneer ek jou omhels  
of met 'n donker varkblom kan gesels  
oor wat mag vaag en gemeenskaplik wees,  
of wat ookal ons liefde mag behels.

*kaal wind*

Jy is 'n kaal kind in die wind, oor duine  
stamp jy jou drafstap, en jy droom van tuine  
van onse Heer waar jy as donker engel  
kon skuil, tot met die eerste van basuine.

*en ook*

Wil ek met vlerke van my intellek  
jou bruin grimering van die son bedek  
voordat ek witter klouter teen 'n wolk  
en dalk die letsel van jou liggaam lek.

*omdat*

Ons nie kan vlekloos bly nie; selfs die maan  
by nag brand hierdie land tot oseaan  
van stof waar ou matrose seil en vloek  
en bleekseil-ossewaens opnuut vergaan.

*en dan — wat van ons kind?*

Die bitterbek wat dikwels bid of bieë  
laat selfs ons ou profete gis of lieg  
oor wat die uitslag van dié toets gaan wees —  
die inhoud van die vrugvlies of die wieg.

*want nou*

As jy my toelaat om jou voet te soen  
sal ek die bogies buig en boete doen  
vir wat ek skuins oor middernag geroof het  
as tooisel vir my liefdespawiljoen.

*Analise*

Die aand toe ons gesterf het teen die wind  
wat rietpluim oorbuig en aan rietpluim bind  
tot brug en boog vir ambulans of tenk  
kon ons op langelaas versoening vind.

*Ellie Osmers*

## Kontakloosheid

Ek verlang na jou  
hier waar ek langs jou sit  
ons is afwesig in  
aanwesigheid

Ek verlang na jou  
as jy my omhels  
jou hartstog is 'n trein  
ver baie ver teen 'n bult uit

Ek verlang na jou  
as jy weg is  
want jou afwesigheid bly afwesig  
in woord'lose gesprekke met myself.

### VERTREK

Daar's 'n trein tussen ons  
'n ritme op stawe  
wat my wegvoer  
wat my meevoer na  
Ek alleen — sonder jou — net myself  
ek wil verloor  
in ritmes agter stawe  
wat voer na  
Ek alleen — sonder jou — net myself

dog ek word  
ritmies  
deel van die wegvoerlied  
op twee snare  
en arriveer 10.00 vm. op  
Ek alleen  
Sonder jou  
Net myself.

# Ulrich Gerryts

## Pa vertel

Dis weer so 'n winteraand, die gekreun van bloekoms in die noordewind hou aan en die reën giet. Godsdien is net klaar gehou en ons gesin van twaalf sit, in die oomblik van stilte, na die onstuimigheid buite en luister. Ma trek haar mandjie stop- en lapwerk nader en pa hou 'n gebruikte vuurhoutjie bo die lamp se glas om sy pyp mee op te steek. Dit duur 'n oomblik langer as gewoonlik voor ons kinders se gesels en doen kon koers vat, die een sê dit en die ander dat, maar toe pa effens vorentoe kom en sy pyp neersit, wag ons.

„Laat my dink,” begin pa, „dit was net so 'n nag toe die Glen Monroe vergaan het. Ek was die aand laat na die kraal en stal om te kyk of alles in orde is, en toe ek terugkom, sê ek nog vir ma: ‚ek sal vannag vir g'n geld op die see wil wees nie.’ . . . Nee ek sal darem nie so ver gaan om te sê dit was 'n voorgevoel nie. Hoe dit ook al sy, die volgende môre laat Dowe Japie vir my weet by Kommetjie het 'n skip op die rotse geloop. Net soos al die Noordhoekers het ek ook die kar ingespan en soontoe gery.

Dis darem nie 'n mooi gesig om te sien nie. Op land is die ergste verby, maar die see is nog net so stormagtig. Die seewater spat teen die skip op en elke nou en dan breek 'n berg van 'n brander bo-oor die dek. Tussen skip en land is dit soos 'n kookpot en g'n reddingsboot wat dit daarin durf waag nie. Toue lê reg, maar die probleem is om dit by die skip te kry. Vandag het hulle meer middele, maar destyds—dit was in neentien honderd en vyf as ek reg onthou — toe was die wêreld nog nie so ontwikkel nie.

Freddie en Dennis le Ries was ook daar. Hulle het as vissers, kamma-sê, op die see groot geword, ervare seemanne, en ru. Nou, nes Oom Danie, hulle pa, was hulle nooit juis kerkmense nie, en daar is al gesê die kinders het g'n respek vir God en sy gebod nie. Nou ja, daaroor kan ek my nie uitspreek nie, maar daardie dag het ek vir hulle respek gekry, veral vir Dennis.

Freddie wil sommer dadelik die see in met die skuit, maar Dennis hou hom terug. „Moenie 'n dwaas wees en dink jy's dapper nie”, sê hy vir hom.

Middelerwyl gee hy aan sy bruin vissermanne die order om die skuit reg te hou, en as hy praat moet hulle onverwyld handel.

Sy aandag is nou pal op die see gevestig. Nie hier voor nie, maar daar ver agter het hy die golwe en water dopgehou. Vir goed 'n halfuur staan en kyk hy so en het ore en oë vir niks anders nie. Die merkwaardigste is, net toe 'n hoë brander pas oor die skip gebreek het, gee hy die bevel. Hy moes gesien het dat die volgende hoë groewe ver agtertoe hulle bulte begin maak en dat daar 'n oomblik van kalmer see gaan wees. Mens kan sê dit was direk teen die groot brander se sop dat hulle die skuit ingestoot en ingespring het. Dennis sit self aan die roer.

Verbasend wat ou seehande met rieme kan doen as die nood drywe. Die skuit klowe hom letterlik 'n pad oop deur die kokende water. Die branders slaat binne-in die skuit en spat bo-oor hulle, en jy vrees, maar hy seil tot langes die skip en die tou se een punt word met 'n haak opgehys sommer so in die beweeg van die skuit. Dennis gooi die draai, maar nouliks vat hulle koers terug, toe breek die volgende hoë brander oor die skip. Dit was nou, kamma-sê, 'n toss-up. Ek sê ook vir Oom Ewie langes my: ‚vandag is dit klaarpraat met hulle’.

Tot hier kort by ons hou hulle voor, toe dolwe die brander hulle om. Dit was 'n geworstel, maar almal kom behoue aan wal. Nou wonder 'n mens darem oor Dennis. Na die konsternasie aan wal verby was, kom hy na my en Ewie.

‚Oom Egbert’, sê hy, ‚ek het gevoel julle bid vir my. As dit nie daarvoor was nie, het ek dit nie gemaak nie.’ Om die waarheid te sê, ek het nie geweet wat om daarop te antwoord nie. Nou ja, die vorige keer wat ek hom ontmoet het, was sowat 'n jaar tevore by sy ma se sterfbed, twee dae voor haar dood. Miskien was dit onder die erns van die oomblik maar dis hy wat gevra het of ek nie 'n gebed wil doen nie.’

‚Het pa gebid?’ vra Sarel, een van my ouer broers. Ek voel of ek kan sê: ‚Hou tog jou bek’, maar pa maak of hy nie hoor nie, steek net sy pyp op en luister na die stormvlae buite.

‚Mensig, maar die weer is onstuimig,‛ sê hy.

‚Wat van die skip en mense?’ wil ons weet.

‚Nee, al die mense is met 'n groot reddingsmandjie aan die tou wal toe gekatrol en daarna die vrag. Dit was meestal komberse en kerse en goed vir Johannesburg se mynwerkers. Die merkwaardige is, die volgende dag, toe so te sê die hele vrag aan land was, breek die skip in twee en sink weerskante van die rots in die diepte weg.’

My broers en susters begin gesels van die seerampe se nalatenskap aan ons: van ons groot kombuiskas wat pa van uitgespoelde wrakhout gemaak



het, van jare se kerse wat ma van opgespoelde koeke kerswas gemaak het en van ons growwe werfbesems wat oorspronklik dekbesems van 'n skip was. Pa praat nie veel daaroor nie. Toe hy weer sy pyp neersit, sien ek hy is ernstig.

„Baie skepe het vergaan op hierdie stuk kus tussen Houtbaai en Kaap-punt. Dit het ook sy ellende meegebring, soos toe die Umtata daar regoor Soetwater vergaan het. Ai, dit was 'n treurige tyd hier op Noordhoek. Honderde kiste Whisky het uitgespoel, orals op die strand, tot sover as Ratelklip. Waarskynlik deur die seestroom meegevoer. Die assurancesmaatskappy het laat optel en bymekaar maak, maar netsoveel kom in die mense se hande. Dan sien jy wat die mens is. Ek dink onder andere aan Kassie Ortlep toe ek *hom* een Saterdagmiddag besoek het, met sy kind siek en hy in so 'n toestand. Dit was nog voor hy tot inkeer gekom het. Nou ja, 'n mens mag nie oordeel nie. En dan die arme Bruinmense! Dis toe dat ou Aia Mina ook dood gekry is op die strand daar naby Ratelklip. Sy was ons wasvrou. 'n Goeie skepsel, maar ook beswyk voor die verleiding van uitgespoelde drank. Die hele nag blootgestel aan wind en koue het sy op die waaisand verklum.”

My broer, Wynand, se los kopvel en ore maak 'n paar beweginkies: „Hoe het dit gekom dat die Kakapoo gestrand het?” vry hy.

Pa se erns verdwyn en daar's geamuseerdheid in sy baard:

„Dit was 'n hele paar jaar vroeër, Neëntien twee as ek dit wel het. Koningin Victoria is die vorige jaar dood, maar daardie nag het hulle weer haar verjaarsdag aan boord gevier. Hulle het dit ook taamlik rojaal gedoen, die kaptein inkluis. Daar was ook 'n dokter aan boord en hy was dinklik al wat hom nie so erg te buite gegaan het nie. Hy kom by die kaptein en sê dit voel vir hom of die boot se kiel grond skraap.

„Give the boat full steam,” was die kaptein se antwoord en bevel daarop aan die stuurman.

Nou ja, hulle gee toe die skip ‚full steam’ en hy loop pylreguit in die strand in. Die volgende môre kon jy hom hier van ons stoep af lewensgroot sien lê teen Kleinslangkop se strand. Ses sleepbote het hom twee dae later probeer uittrek, maar hy was so vasgesuig in die sand dat hulle hom nie kon roer nie. Die draadkabels het eenvoudig die dik ysterkoppelplate oopgeskeur. En soos julle weet: daar lê die ou Kakapoo vandag nog; onder die sand toegespoel en afgeskei van die see.”

Opmerklik, net die Kakapoo het gestrand, die ander skepe het *vergaan*. Ek het meer daarvan gehou om te hoor hoe skepe vergaan het.

Almal om die tafel sit meteens stil en luister. Dit gaan of die reën opgehou het, maar die wind waai nou woes. Daar is 'n geweldige kraakgeluid en toe 'n harde slag. 'n Bloekom het omgeknak.

„So het sy einde ook gekom,” sê pa ongesteurd. Hy gee 'n paar trekke aan sy pyp en hervat:

„Dit was in net so 'n stormnag dat die Maori teen Houtbaai se berg vergaan het; meer as vierhonderd passasiers aan boord. Mens kan jou moeilik voorstel wat so iets vir skipbreukelinge moet wees. Hulle is tog ook maar mense van vlees en bloed.

Die skip se agterstewe het tot amper onder die water gesink en hy lê met sy neus skuins na bo. Die branders slaan met so 'n geweld teen die romp dat hulle hom enige oombik te morsel kan moker, en dis donker nag. Toe dit die môre lig word, moet die mense sien dat hulle regoor die steil voet van 'n berg lê. Die plek is bykans onbekombaar. Eers laat die middag kon die reddingswerkers na genoeg aan die skip kom om met reddingswerk te begin. Middelerwyl gee die skip se kiel en buikdeel in en hy sak met verdrag dieper in die water weg. Om en by 'n derde van die opvarendes skiet die lewe in. Mens verwonder jou dat dit nie meer was nie.

Eindelik steek net nog die voorstewe en 'n mas bo die water uit. Daar is nog een man bo in die mas en die reddingsboot gaan op sy laaste tog om hom te red. Maar die stomme man is al waansinnig en begin afklim. Die reddingswerkers wink en skree vir hom om te wag, maar hy sien en hoor niks, klim af in die water en verdwyn daarin.”

Pa sit nou agteroor in sy stoel en kyk na die venster waar die wind die reën teen die ruite waai.

„Ek het nou niks daarmee te doen nie”, sê pa, „maar die oorspronklike naam, Kaap van Storms, was op stuk van sake nie so onvanpas nie.”

# Marlise Joubert

## Vir jou soos my naam

Hier lê my dorp  
vir jou germaan uitgedop  
in die nagtelike stilte die huise  
soms lag 'n hond onder die gedroomde lig  
van straatlampe of treine rek hulle ledemate en fluit

Só lê my dorp vannag vir jou  
en donker klokke uit die bo-  
dorpse kerk beier jou gestalte  
in klam tuine van my bekken

Hier lê my naam  
soos my dorp vir jou die vertakking van riviere  
die verlossing van voëls en seisoene  
en strooi verligte huise oor die aarde  
gerond in jou keel  
om oral by jou ín te groei horisontaal  
en vertikaal:

monde van my geute gaan oop  
om jou reën van woorde op te vang  
oë van my ruite kyk verby die spieëls wat jy lig  
na 'n ruim van planeetgesprek  
waar my bloed sagittarius  
met gode verbind

en ek kyk na jó

jou skaduwee is kristal  
en stort soos die saad van sterre  
in die stilte van my dorp

in die stilte van my naam

### *LES FEUILLES MORTES*

'n Son lê oopgebars bontgebars  
teen die bleek kim van my dae  
en struikel oor riwwe heen  
môre se ruimtes anderkant in

die grys sandaal van die nag  
trap hom dood —

My wielende drome is moeg vir sonne  
wat kom en gaan en kom  
moeg vir mane op reis sonder my wolkende hande

Die mistroostige somer van my mond  
bars die laaste bont woorde oop  
en sterf  
soos geel krisante sterf  
soos blare verbruin en skaduwees  
warrel in my oë

Die see sing nie meer nie  
gekaakte stiltes groei my kamers vol  
strande is stom en die ure  
tweelinge

sonder geslag

# Fred Teurlinckx

## Hulde aan Pieter Bruegel de oude

*Na aanleiding van die 400ste verjaarsdag van sy dood in 1569.*

U is genoem:

*De Oude*, omdat u die stamvader was van 'n roemryke geslag van skilders wat tot in die 18e eeu gestrek het:

Pieter Bruegel de Jonge of de Tweede of de Helse Brugel (1564-ca. 1638);

Jan Bruegel de Oude of de Fluwelen Brugel (1568-1625);

Jan II de Jonge, seun van De Fluwelen (1601-1678);

Ambrosius, broer van Jan II (1617-1675);

Pieter Bruegel III, seun van De Helse (geb. 1589);

Abraham Bruegel de Rijngraaf, seun van Jan II (1631-ca. 1690);

Jan-Baptist Bruegel, broer van Abraham (1647-1719) en van nog drie ander broers wat skilders was.

U is genoem:

*De Boerenbruegel*, omdat die boer 'n prominente plek in u werk inneem, sodanig dat u met die boer vereenselwig is.

U is genoem:

*De Vieze Bruegel en Pier den Drol*, omdat die wêreld eeuelank nog nie oud en wys genoeg was om u galgehumor te verstaan nie. Omdat die wêreld nie geweet het van die tragedie van u begaafde volk nie. Omdat die wêreld wel die lag van Tijl Uilenspiegel gehoor het, maar nie geweet het van die as van sy verbrande vader, Claes, wat op sy bors geklop het.

En dit was nie Claes alleen nie, en dit het nie eers met die koms van Ferdinand Alvarez de Toledo, hertog van Alva, in 1567 begin nie. Reeds om en by u geboorte word die lutherane Jan Voes en Hendrik van Esch uit Antwerpen in 1523 te Brussel verbrand. Nog voor u in die Antwerpse Sint-Lucasgilde opgeneem is, het alreeds 'n aantal uitstaande Vlaamse kunstenaars vanweë hulle geloof voor die inkwisieters verskyn: Barend van Orley, leermeester van jou leermeester Pieter Coecke; Cornelis van Coninxloo; Jan Metsys, seun van Quinten; Ton; Pieter de Pannemaker en Cornelis bos. In 1552, die jaar na jou opname in die gilde, verskyn Floris voor die Vierskaar. Zes jaar later word te Antwerpen 'n calvinis verbrand. Die tyd toe Tijl Uilenspiegel in die bosse die hout vir die

brandstapels hoor groei het, breek aan. 1566 is 'n groot jaar: die Eedverbond van Edeles kom tot stand: die Geuse is gebore en die eerste Hagepreke word deur gereformeerde predikante in die veld buite Antwerpen gehou. Die landvoogdes Margareta van Parma vaardig plakkate teen die „preekers in 't groen" uit. Die gelowiges kom in die wapens na die preke. Sinspeel die *Prediking van Johannes die Doper* waarvan seun Pieter, die Helse Bruegel, 'n kopie gemaak het, op so 'n hagepreek?

Na jou dood, Bruegel, word dit nog erger. Vredeman de Vries moet in 1570 voor die Raad van Beroerten verskyn. Hy vlug. Die Sint-Lucasgilde word 'n haard van rebellie. Alva hef dit op. Tientalle kunstenaars vlug na die protestantse buiteland. 'n Smartlike maar roemvolle hoofstuk in die Ekspansie van die Dietse kuns is geskryf.

Kortliks het ons hier probeer beskryf die lot van kunstenaar en intellektueel, die burger en die stedeling. Maar ook die boer lewer sy bydrae tot die epos van die sestiende eeu. Vyand en vriend vervies hom. Uit die seftiger jare dateer die lied van Jan Hoogensteyn:

*Dat wij geen koude lijden  
Geef ons de boer zijn wijn,  
Zijn wolhemd en zijn duiten  
Dat kan geen zonde zijn.  
Marcheer, landsknecht, marcheer!*

En 'n modern poëet het dié atmosfeer as volg probeer weergee:

*Maar gehurkt, vlak  
tegen de grond,  
met een flauw schijnsel  
om de mond  
zit er een kroeg  
met plaggen dak.  
Wie alle voorzorg is vergeten  
en durft loeren door de spleten  
die ziet een hoge trom  
met landsknechten rondom.*

Hierdie landsknegte is besig om te dobbel op die trom.

*Der dobbelstenen ogen  
blijven onbewogen  
en kunnen niet meer wenen,  
want zij zijn uitgedoofd.*

*En is de buit verspeeld  
dan zullen de soldaten  
het daar wel niet bij laten.  
Vooruit, de baas onthoofd  
en ledigen wij zijn potten,  
wie er met ons wil spotten  
zijn lichtje wordt gedooft.*

*Dobbelstenen verklikken niet,  
want zij zijn blind en stom  
en zingen slechts een somber lied  
al schommelend op een trom.*

Marten van Cleef, tydgenoot van Bruegel, skilder 'n baie insiggewende *Gevecht van boeren en soldaten*, tans in die Kunsthistorisches Museum van Wenen. Uitsinnig van woede dryf 'n boer 'n slagtersmes in die rug van 'n Spanjool.

Met hierdie reguliere en on-reguliere leërmagte wedywer rowers en rampokkers. Groot groepe bedelaars swerm oor die modderige paaie van 'n platteland wat in 'n moeras van barbaarsheid weggesink het. Wagte is deur die boere self in kloktorings geplaas, tuiswagte is georganiseer en al wie langs die paaie uit die boschagies gehaal word, word summier en in bondels opgeknoop aan die bome. Die outoriteite kan dit nie duld nie en stuur strafekspedisies. Die rooi haan kraai viktorie.

Die enigste ontspanning vir die boer is sy kermisse en bruilofte. Sterk afreaksies vir nuwe funderings. Want die kermis duur van sewe tot tien dae. Die geestelikheid gaan die owerheid vind en 'n poging word aangewend om bruilofsmale en ook . . . begrafnismale wat meer as 48 uur geduur het te verbied. Keiser Karel V het alreeds die edik van 7 Oktober 1531 uitgevaardig waarby al die kermisse op een en dieselfde dag moes gehou word. Die boere het so iets kleingeestig en kleinsielig gevind en voortgegaan, en hulle braspartye het uitings geword van passiewe politieke verset.

Carel van Mander beweer in *Het Schilder-Boeck* van 1604 dat Bruegel saam met sy vriend, die koopman Hans Franckert, verklee as boere aan die gelae deelgeneem het. Hy is so vriendelik om daarby te voeg dat dit was om die boere gade te slaan en hulle in hulle eenaardige Kempiese en ander kleredragte te skilder. Dat Bruegel ooit die gebras sou goedgekeur het, blyk tog nie uit sy volgende kwatryn nie:



*Die boeren verblijen hun in sulken feesten,  
Te dansen, springhen en droncken drincken als beesten.  
Sij moeten die kermissen onderhouwen  
Als souwen sij vasten en sterven van kauwen.*

En bowendien was Bruegel, volgens die getuienis van dieselfde Van Mander, 'n baie stil en aangename man, wat nie veel gesê het nie en slegs in geselskap grappe gemaak het. Die „comer a la flamenca, a la porcuna”, die eet op die Vlaamse manier — op die manier van die varke, soos die Spanjaarde dit genoem het, moet hom vreemd gewees het. Want hy was 'n humanis en het omgang gehad met die aardrykskundige Ortelius en die Hollandse digter Coornhert. Ortelius was 'n vriend van Christoffel Plantijn. Coornhert, 'n voorstander van godsdiensvryheid het politiek langs die kant van Oranje gestaan. Bruegel se leermeester en skoonvader, Pieter Coecke van Aelst, is 'n geleerde man wat Vitruvius en Serlio vertaal. Ook Hiëronymus Cock, vir wie Bruegel tekeninge gelewer het en wat die eienaar van die winkel *Naer de vier winden* was, is 'n ontwikkelde man. Hy was die uitgewer van die plaatwerke van Cernelis Floris. By hom of op die vergaderings van die Sint-Lucasgilde, moes Bruegel vir Floris ontmoet het. Hier geld vir Bruegel die spreuk: Sê my wie jou vriende is, en ek sal jou sê wie jy is.

Hoekom dan was hierdie humanis en stedeling so lief vir die boer en die platteland?

*Eerstens* omdat bloed dikker is as water. Want Bruegel kom van die boer, hy dra volgens Van Mander die naam van sy geboortedorp, Breughel, nie ver van Breda nie. Hierdie Breda moet egter Bree gewees het wat in die 16e en 17e eeue Breda genoem is. By Bree, in die Limburgse Kempen, lê Grote-Brogel, wat in die geskiedenis Brogele (1254), Broeghel (1558), Groete-Brugele (1376) en Breugel (1688) genoem is. Vyf kilometer ten Noorden daarvan lê Kleine-Brogel wat agtereenvolgens as Minor-Brogela (1222), Cleyne Brukel (1380), Cleynen Broeghel (1443), Kleine Brogel (1816) en Kleinen Breugel (1885) vermeld word. Noord van Eindhoven, in die Nederlandse provinsie Noord-Brabant, lê ook nog 'n Bruegel. Die drie Breugels lê almal in dieselfde geografiese gebied, dit van die sanderige en vlak Kempen, 'n heideland wat tans deur die Belgies-Nederlandse grens deursny word. Die Kempenaars is 'n taai volk wie se stryd teen die sand kan vergelyk word met die van die Hollanders teen die water.

*Tweedens* omdat volgens Bruegel die boer in 'n „natuurlose” mensewêreld nog die naaste aan die natuur staan. Want deur sy redeloosheid.

dwaasheid, misdadigheid en sondigheid staan die „anorganiese” mens as ’n soort abnormaliteit in ’n natuur wat volgens die skilder redelik, „organies” en kosmies-samehangend is.

*Derdens* is die boer vir Bruegel ’n dankbare mededelingsobjek, die objek dan beskou as „mededelingsmiddel tussen subjek en die toeskouer” soos Dr. Ballot dit in sy resente werk oor Floris Jaspers noem. Die boer help Bruegel in die vertolking van sy hoër genoemde ideë.

Wie die boer noem, moet die natuur noem, wie die natuur noem, kan nie aan die landskap verbygaan nie. Bruegel se leermeester Coecke is italianies, en sy werkgewer Hiëronymus Cock is dit ook. Omdat die jong skilder in geen geval mag vergeet nie dat hy leef in die tyd van die Renaissance moet hy na Italië gaan. Dat Bruegel in die Suiderland van die kuns niks sou geleer het nie, strook nie met die waarheid nie. In sy eerste skilderye sal ons argitektoniese agtergronde terugvind, maar omdat die gebouwe Vlaams en nie Italiaans is nie, val hierdie beïnvloeding nie op nie. Daar is ’n sekere onwerklike „Italiaanse” lig in party van sy werke. Aan Titiaan ontleen hy bergpune wat met die grond vergroei geraak het. Diagonaal-komposisie kom baie voor al merk ons dit nie dadelik nie. Hy hou van Barok-verkortings en in sommige prente vind ons ’n maniëristiese trek terug. Op alles staan egter duidelik die stempel Bruegel.

Maar wat hy, as man van die lae lande, veral in die vreemde ervaar het, is iets wat Tolnai ’n „Alpenerlebnis” noem. Van Mander sê dat die skilder „in sijn reysen veel ghesichten nae ’t leven gheconterfeyt heeft, soedat er gheseyt wordt dat hij in d’Alpes wesende, al die berghen en rotsen had in gheswolghen, en t’huys ghecome op doecken en Penneelen uytghespoghen hadde”. So spontaan en onberedeneerd het hy egter nie te werk gegaan nie. Hy het Titiaan se heroïese landskappe goed bekyk en by sy vriend, die geograaf Ortelius, het hy hom aandagtig oor landkaarte gebuig. Dit het hom geleer om die landskap volledig, in die trant van ’n topografiese kaart weer te gee. Aan Joachim Patinir dan het hy die sg. panoramiese landskap ontleen, ’n landskap wat uit ’n hooggeleë punt gesien word en hom in die rigting van ’n eweneens hooggeleë horison uitstrek. Van Hiëronymus Bosch neem hy nie alleen „duvelrieën” oor nie maar ook die breë horisonne met riviermonding. Met dit alles wil hy ook nie die landskap bloot as ’n dekor by ’n handeling gebruik nie. Nee, hy wil aan Moeder Aarde ’n sterke individualiteit, ’n uitgesproke persoonlikheid verleen, ook haar tot ’n dramatis persona bevorder. Hy kan egter nie die hele Aarde weergee nie en daarom moet ook by hom die landskap ’n klein deel van ’n groot geheel bly. Maar hy kies groot brokke uit ’n natuur waarin al die dinge saamhang en waarvan die aanskyn gevorm word deur

die inwendige kragte wat dit voed en die uitwendige kragte wat die vorm daarvan kan beïnvloed. Dat water ys word is die gevolg van 'n uitwendige krag, die klimaat. Die samestellende dele vir so 'n landskap kies Bruegel baie uiteenlopend, by voorkeur uit die vlak Kempen (sy tuisland) en uit die hoë Tirol wat hom oorweldig het. So bv. het hy tuisgekom met 'n tekening van die Martinswand by Innsbruck. Hierdie heterogene elemente uit verskeie vaderlande van die landskap voeg hy saam en hy doen dit op die manier waarop die natuur dit gedoen het, dit doen en nog sal doen. Hier word die beginsel van Thomas van Aquino toegepas: „Ars imitatur naturam in sua operatione”. Kuns boots die natuur na in sy werking, wat deur Panofsky geïnterpreteer word as: „Die Kunst imiteert nicht, was die Natur schafft, sondern sie arbeitet, wie die Natur schafft”. Kuns boots nie na wat die natuur skep nie, maar kuns gaan te werk soos die natuur skep, kuns skep op die manier van die natuur.

Vandaar kry ons by Bruegel 'n organiese lewende landskap met opwaarts strewende berge, verstregelde bome langs kronkelende waterlope en vlaktes wat vlug na horisonne wat hulle sal opsluk. Die twee treffendste voorbeelde van so 'n dramatiese landskap vind ons in *De Hooitijd* (1.14 m by 1.58 m) en *De Terugkeer der kudden* uit die Weense Museum (1.23 by 1.59).

Volledigheidshalwe moet hier egter aan toegevoeg word, dat Bruegel in sy laaste lewensjare 'n neiging vertoon om na die enkelvoudige Brabantse en Kempiese landskap terug te keer soos bv. in *De Vogeldief*, *De Misanthrop* en *De Parabel der Blinden*.

Op die genoemde *Theatrum orbis terrarum* (titel van die werk van Ortellius) beweeg DIE MENS.

Hierdie mens is 'n dwaas, 'n sot, 'n swaap en 'n gek. En daar is geen erger gek nie, as die wat by sy volle verstand is. Die sonde van die verdorwe mens regeer die wêreld. Die sonde het die mens tot 'n nar onder die narre gemaak. Sy sosiale wêreld is die „Verkeerde Weerldt”, so verkeerd, dat die stille, die begaafde, die verstandige, die verdraagsame, die alles-begrypende moet praat. Bruegel word in die posisie gedwing waarin Vondel gedwing is wat as 'n sag-gearde man die *Roskam* moes ter hand neem:

*Want waarheid (dat's al oud) vindt nergens heil noch heul;  
Dies roemt men hem voor wijs, die vinger op den mond leid.  
O kon ik ook die konst, maar wat op 's harten grond leid,  
Dat welt me na de keel; ik word te stijf geparst  
En 't werkt als nieuwe wijn, die tot de spon uitbarst.*

Die heftigste uitbarstings van Bruegel kry ons nie te sien nie. Op sy sterfbed roep hy sy vrou Mayken Coecke en beveel haar om 'n reeks satiriese prente met byskrifte te verbrand omdat hulle „als te zeer bytigh en schimpigh” was. Van Mander sê dat Bruegel daartoe oorgegaan het omdat sy vrou deur hierdie prente in moeilikheid sou kom of ter verantwoording sou geroep word. Solank as wat hy geleef het, het hy self die risiko geneem.

Byskrifte staan inderdaad op baie van die driehonderdtal prente wat Bruegel vir Hiëronymus Cock gelewer het en enkele is ons deur sy seun Pieter oorgemaak. 'n So onskuldige prent soos die *Schaatsenrijden nabij de Sint-Jorispoort te Antwerpen* wat deur Frans Huys gegraveer is, dra as wereklike titel: **DE SLIBBERACHTIGHEYT VAN 'S MENSCHEN LEVEN** en as onderskrif:

*Soo rijdtmen op het ijs t' Antwerpen voor de stadt  
D'een herwerts, d'ander gins; begaept van alle sijen,  
D'een stronckelt, genen valt, dien houdt hem recht en prat.  
Aij leert hier aen dit beeldt, hoe wij ter wereltd rijen,  
En slibb'ren onsen wegh, d'een mal en d'ander wijs,  
Op dees vergancklijckheijt veel brooser als het ijs.*

By *De magere keuken* moet geleses word:

*Daar magherman de pot roert is een arm gastrye  
des loop ick nae de vette keucken met herten blye.*

Seun Pieter leer ons dat die teks by die *Misanthrop*

*Om dat de wereltd is soo ongetru  
Daarom gha ic in den ru geleses moet word as  
De sulck draecht rou  
Omdat de weerelt is onghetrou,  
Die meeste ghebruijcken minst recht en reden,  
Weijnich leefster nou  
Also hij leven sou,  
Men rooft, men treckt, elck steeckt vol gheveijsde seden.*

Alleen God kan betrou word:

*Wandelt altijt in alle voorzichticheijt,  
Sijt ghetrou, betrou niemant dan Godt in allen . . .*

Van al die prente wat die naam Pieter Bruegel dra, is net een deur sy hand uitgevoer nl. die ets *De Konijnenjacht*. Die ander is in koper gesteeek vir Hiëronymus Cock deur Filips Galle, Pieter van der Heyden, Frans Huys, Cock self, Joris Hoefnagel en Jan Wierix.

Om te keer dat die gravures die ekspressiviteit van sy tekeninge sou laat verlore gaan, het Bruegel hulle as gravures opgevat sodat die uitvoerders maar blindelings die model moes volg. Hy was dus meer as bloot die „inventor” of „vynder”. Onder die bekendste van hierdie prente is dié wat sierlike seeskepe voorstel soos hulle deur Bruegel in Antwerpen gesien is die *Ezel op School* („Wanneer een ezel naar school gaat om te leren zal hij niet als paard wederkeren); *Elck* d.i. die individu wat versand en versink in sy individualisme, wat net homself ken en daarom sosiale solidariteit nie ken nie en nie weet van die Spaanse manskappe wat met hulle lanse aan die horison verskyn nie; *De Magere Keuken* (kombuis) met sy dubbele S-vormige maniëristiese komposisie en sy bakermat; *De Vette Keuken* waar alles rond en bol is en ’n sterk lyn lei na die man wat uitgetrap word; en ook ’n beperkte aantal spreekwoorde, aanloop tot sy spreekwoorde-skildery.

Slegs in die laaste twaalf jaar van sy lewe sal Bruegel skilder. Die ses allerlaatste bring hy in Brussel deur waar hy in 1563 met Mayken Coecke getroud is. In die tyd toe hy — volgens gebruik — by sy leermeester ingewoon het, het hy haar as klein kind dikwels op die arm gedra. Die Coeckes het in 1549 van Antwerpen na Brussel verhuis waar Bruegel se skoonmoeder, Mayken Verhulst, sedert 1550 weduwee is.

Bruegel se eerste skildery van werklik groot belang was *Die Spreekwoorde van 1559 uit die Museum van Berlyn*.

Tegnies is alles hier nog nie volmaak nie. Die gebeure vind plaas in en by ’n straat wat skuins na die horison loop, maar die geboue van hierdie straat is onsamehangend. Die nog onduidelike diagonaallyne kruis mekaar in die kapiteel van die suil van die voorportaaljie. Wat hierdie skildery kortkom aan tegniek word ruimskoots vergoed deur die inhoud wat ’n ware ensiklopedie aan die folkloris en die filoloog bied. Dit mag wees dat Bruegel kennis gedra het van die Adagia-versameling van Desiderius Erasmus en dat dit hom daartoe aangespoor het om hom te besin oor die praktiese wysheid van sy volk soos dit in sy spreekwoorde opgesluit lê. Deur die spreekwoorde in hulle letterlike betekenis voor te stel het Bruegel ’n merkwaardige effek bereik nl. dié van ’n wêreld waarin daar geen enkele logiese handeling meer plaasvind nie, ’n gekkeparadys dus waarin almal hulle met ywer van hulle onsinnige en doellose take kwyt. Hoe langer hoe meer spreekwoorde word in hierdie skildery ontdek. Vir ’n lange ruk is



gemeen dat daar slegs 78 was. Tans is hierdie aantal reeds tot 99 opgestoot. Die honderdste sal ook nog gevind word. As ons deur die lys gaan, sal ons sien hoe Bruegel volgens goeie Vlaamse tradisie 'n graaf 'n graaf noem en meer as dit: 'n graaf ook in al sy realistiese duidelikheid afbeeld. Ook sal ons sien hoe Bruegel soms twee spreekwoorde in een figuur verenig. Dit geld alreeds die eerste twee spreekwoorde: *Iemand in het harnas jagen* (iemand die duivel in maak), en *Met de kop tegen de muur lopen* (sy kop stamp) wat op die voorgrond links voorgestel is. Verder volg dan: *Zij bindt de duivel op het kussen* (Sy weet hoe om die duivel droog te sit, te flous), *een pilaarbyter* ('n skynheilige, 'n hipokriet), *in de ene hand vuur, in de andere water dragen* (twee here dien), *daar trekt de zeug de tap er uit* (daar word bankrot gespeel), *de kat de bel aanbinden* (iets rugbaar maak of die bul by die horings vat), *op het mes spreken* (padlangs praat), *een hennetaster* (iemand wat voel of die eiers gaan kom, wat hom bekommer oor wat nog nie gebeur het nie, of 'n bemoeial), *altyd op één been knagen* (dit doen die neulpot), *daar hangt de schaar uit* (hier word jy geplunder), *Open kot of open kuil, daarin steekt allicht de hond zijn muil* (die kraaie sal dit uitbring), *tussen twee stoelen in de asse zitten* (op 2 stoele sit), *zijn haring braadt daar niet* (hy is daar nie welkom nie, van dié kant het hy niks om te verwag nie), *de haring hangt aan zijn eigen kieuw* (hy handel tot sy eie nadeel), *in die verkeerde weereldt* (naam van die huis of herberg, die wêreldbol hang met sy kruis na onder), *op de wereld schijten* (hom nie om die wêreld bekommer nie), *de gekken krijgen de kaart* (die geluk in die wêreld is vir die gekke, la fortune rit aux sots, aux innocents les mains pleines, les fous gagnent toujours), *iets door het oog van de schaar halen* (oneerlik wees in sy bedryf volgens die slegte gewoonte van die klere-makers), *iemand bij de neus leiden* (iemand aan die neus lei), *het mes dat langs twee kanten snijdt*, (iemand wat oor die vermoë beskik om twee vlieë met een klap te slaan), *iets door de vingers sien* (iets deur die vingers sien), *vrijen onder één dak, is 't schande, 't is gemak* (in Vlaandere mag jy nie met jou nooi in dieselfde huis woon nie), *'t is er kermis of een bruid, want de bezem steekt er uit* (met die oog op 'n feesdag is alles skoongemaak en die besem kan dan maar uitgesteek word), *de vlaaien wassen op het dak* (die vla's groei op die dak, dis in Luilekkerland), *al zijn pijlen verschieten* (al sy pyle verskiet), *het zijn twee koppen in een muts* (hulle is kop in een mus), *de gek scheren met iemand* (met iemand die gek skeer), *de vos en de kraanvogel zijn bij elkaar te gast* (twee platjies uitoorlê mekaar), *de oorblazer* (hy voer 'n fluisterveldtog), *bij de duivel te biechten gaan* (by die duivel gaan biege), *een kaars voor de duivel ontsteken* (witvoetjie soek by die duivel), *tandpijn achter de oren hebben* (nie weet wat verkeerd gaan nie),

*tegen de maan pissen* (verlore moeite doen of teenspoed optel), *hoe meer men in de stront roert hoe meer stinkt het* (moenie vuil sake te veel uitpluis nie — onder boere nog in die ou vorm bekend), *laat een ei in 't nest* (verteer nie jou neseier nie), *uit twee monden spreken* (met twee monde praat), *de dag met manden uitdragen* (dagdiewery), *de ene rokkent wat de andere spint* (die een beplan die kwaad, die ander voer dit uit), *het zwart schaap* (die swart skaap), *de ene scheert de schapen, de andere het varken* (net een het die voordeel van die vennootskap), *zij hangt hem de blauwe huik om* (sie macht ihm einen blauen Dunst vor, sy draai hom 'n rat voor die oë), *hij snijdt het varken onder de buik* (hy behaal heimlik sy voordeel), *het vlees aan het spit moet begoten worden* (die nodige sorg moet aan iets bestee word), *een blikje uitgooien om een snoek te vangen* ('n klein offer vir 'n groot voordeel), *op hete kolen zitten* (op hete kole sit), *als twee honden vechten om een been dan loopt de derde er mee heen, rozen voor de varkens strooien* (die paarle — pêrels — vir die swyne werp), *als 't kalf verdrongen is, wordt de put gevuld* (as die kalf verdrink het, word die put gedemp), *men moet zich krommen, wil men door de wereld kommen* (plooibaarheid maak die wêreldling), *hij laat die wereld op zijn duim draaien* (alles plooi na sy wil), *iemand een stok in het wiel steken* (iemand 'n stok in die wiel steek), *hij zou o.l. Heer een vlassen baard aanbinden* (hy is in staat om selfs die Here te bedrieg), *laat uw licht in de duisternis schijnen* (help ons om 'n oplossing te vind), *niemand zoekt een ander in de oven, of hij is er zelf in geweest* (die pot verwyf die ketel maar hulle is ewe swart; dis vinkel en koljander, die een is soos die ander; as iemand nie agter die deur staan nie, sal hy 'n ander ook nie daar soek nie), *het achterste paar krijgt de krakelingen* (hulle krakeel om 'n krakeling), *wie zijn pap gestort heeft kan niet alles weer oprapen* ('n fout kan nie volkome herstel word nie), *hij is het bijtje kwijt* (hy weet nie hoe om hom uit te red nie), *iets met een lantarentje moeten zoeken* ('n naald in 'n hooimied soek), *hij weet nauwelijks van het ene brood aan het andere te geraken* (hy weet nie om die tering na die nering te sit nie), *tegen een oven gapen* (iets wil doen wat mens nie kan nie), *het hoenderei grijpen, en het ganzenei laten lopen* (groot gewin verwaarloos), *door de mand vallen* (deur die mat val), *tussen hemel en aarde hangen* (in 'n onsekere posisie verkeer), *de paling bij de staart grijpen* (met 'n onmoontlike taak begin, die paling is te glad), *het is goed riemen snijden uit andermans leer* (dit is lekker om van ander-man se leer rieme te sny), *de kruike gaat zolang te water tot ze breekt*, (boontjie kry sy loontjie), *kan ik geen ganzen hoeden, laten het dan gansjes zijn* (stel jou tevrede met wat jy kan bereik), *hij leidt de beer* (hy spandeer alles), *de kap over de haag smijten* (van staat verander, die klooster verlaat),



*hij zwemt tegen de stroom op* (hy kry dit opdraand), *hij kan niet verdragen, dat de zon in 't water schijnt* (hy kan nie sien dat die son in 'n ander se water skyn nie), *geld in het water smijten* (geld in die water gooi), *achter het net vissen* (agter die net vis), *twee schijters door één gat*, (hulle is kop in een mus), *twee vliegen in een klap slaan* (twee vlieë in een klap), *de vogel is gevlogen* (die skelm is skoonveld), *zij kijkt naar de ooievaar* (sy luiër), *koren in de wind ziften* (iets nutteloos doen), *de huik naar de wind hangen* (sy mantel na die wind draai), *met de deur in huis vallen* (met die deur in die huis val), *twee arme lieden voor één deur, van de os op de ezel springen* (van die os op die esel spring), *hij zal de ring wel aan de deur laten* (hy sal armer vertrek), *op de kaak spelen* (iets onregmatig toeëien), *waar het hek open is, lopen de varkens in 't koren* (as die kat weg is, is die muis baas), *wie vuur eet, schijnt vonken* (wie die wind saai, sal die storm maai), *hij warmt zich aan debr and die hij zelf ontstoken heeft* (verwarm hom aan sy eie vuur), *een blok aan het been hebben* ('n blok aan die been hê), *zich paardenkeutels voor vijgen in de hand laten stoppen* (jou laat wysmaak dat perdemis vye is, jou knolle vir sitroene verkoop), *als ge de wolf ziet, zoekt dan zijn sporen niet* (nicht raisonniëren, veg as 'n soldaat), *als de ene blinde de andere leidt, vallen ze beiden in het water* (as 'n blinde 'n ander blinde lei, sal altwee in die sloot val), *een oog in 't zeil houden* ('n oog in die seil hou), *men moet zeilen, terwijl de wind waait* (die yster smee as dit warm is, slaan die yster solank dit heet is), *het is boter aan de galg gesmeerd* (dit is botter aan die galg gesmeer), *kraaien moeten op aas loeren* (elke voël sing na hy gebek is) en ten besluite: *niemand ooit zo klein iets spon, of het kwam wel aan het licht der zon* (die botter sal braai, die kraaie sal dit uitbring, eerlikheid duur die langste).

Ensiklopedies opgevat, met 'n sekere horror vacui ('n konstante in die ou-Vlaamse kuns, nl. die neiging van die Vlaming om te veel te sê wanneer hy uiteindelik aan die woord kom) is ook *De strijd tussen Vasten en Vastenavond* (1559, Wenen) en *De kinderspelen* (1560, Wenen). In *de strijd tussen Vasten en Vastenavond* wat 'n dokumentasie gee oor Vasten en vastenavondgebruike, is die horison hoog gehou om plek te wen om 'n groot markplein te kan verkry om meer as 200 figuurtjies te kan herberg. In *De kinderspelen* is die perspektief nog gebrekkig. Hoofsaak was hier die tipe-ring van klein mensies en dit lyk of die straat vanuit 'n vliegtuig in skeervlug gesien word. Die kind staan saam met die boer nog die naaste aan die natuur, waar onder hulle is ook alreeds die klein skelms en vieslikes en vroeg-rypes met ou-mannegesiggies.

Invloed van Hiëronymus Bosch wat so gepersisteer het in die prente duik ook weer op in *De val der engelen* (1562, Brussel), *Dulle Griet* (1564,

mus. Mayer van den Bergh, Antwerpen) en *De triomf van de dood* (ca. 1564, Madrid). In hierdie laaste werk skuil Bosch se invloed meer in die spitse, spigtige vorm van die figure en ook van bome en pale dan in die diablerieë self. By Bosch word die wêreld deur die duivel geregeer, by Bruegel is die duivel die mens self. In hierdie werk word die tradisie van die middeleeuse dodedanse voortgesit. Die sentrum is die oond, moontlik 'n soort primitiewe krematorium. Dit gee 'n vuurgloed af à la Bosch wat so „aerdigh en natuerlijk” was „van vlammen, branden, rooeken en smoocken” (Van Mander). In die *Val* vlieg die engele om 'n sitroengeel son en hulle verander in monsters namate hulle hellewaarts val. Die koloriet is veelkleurig en besonder verfyn. *Dulle Griet* is die verpersoonliking van die onrus en die drang na dade in die mens wat in sy voortvarendheid selfs die hel wil bestorm en daardeur die wêreld in 'n duiwelse chaos agterlaat. Die hel se toegangspoort is hier verteenwoordig deur die duiwelsmuil van die simultaantoneel van die middeleeuse misteriespele. Alle aksie vind plaas in 'n atmosfeer van gloeiende en verstikkende dampe.

Die ydelheid van die menslike hoogmoed kry sy beurt in *De Babeltoren* (1563, Wenen). Die aktualiteit kom weer na vore in *De kindermoord* (ca. 1566, Wenen) waar die Spaanse soldate se wreedheid botgevier word. In *De volkstelling te Bethlehem* (1566, Brussel) stap Josef wat die esel en die os lei na die herberg, „In de groen kroon”, waar hulle nie onderdak sal vind nie. Die vark wat geslag word is ook nie vir hulle nie en vir die pret van die kinders op die ys is hulle te oud. By die paar wat oor die ys stap, dra die man die kind en die vrou die swaard: Die verkeerde weereldt! Die diagonale lyne van die komposisie kruis op die wiel van die gebreekte wa. Na *De prediking van Johannes de Doper* (kopie van P.Br. II, 1620, Galerie Liechtenstein, Wenen) kom in 1565 die reeks van die groot landskappe: *De sombere dag* (Wenen), *De Hooitijd* (Raudnizt), *De Oogst* (New York), *De jagers in de sneeuw* (Wenen) en daarby aansluitend *De Zeestorm* (Wenen). Hierdie landskappe vertolk Bruegel se algemene opvatting oor die natuur en bowendien is hulle totaal, natuurlik en dinamies. Met *De Oogst* veral nader die tyd dat Bruegel die waarde van die kleurvak en die kleurvak as 'n besondere middel tot ekspressie gaan ontdek. Die breë rugge en mage van boere in 'n eenvoudige en afdoende kleur en geometriese kleurblokke soos die goud-geel koringlande word met graagte deur kubiste aangehaal as voortekens van hul kuns. Maar met eweveel reg kan daar op impressionistiese en ekspressionistiese tegnieke by die veel-sydige Bruegel gewys word. Impressionis is hy waar hy klein kleurvakkies saamgestel het uit fyn, klein toetse van kleure wat dikwels met mekaar kontrasteer sonder dat die vorm verlore gaan soos dit by die impressioniste

gebeur het. Bruegel se ekspressionisme sou ons liewers ekspressivisme wil noem omdat dit eerder bestaan uit 'n gevoelvolle oorbeklemtoning van die realiteit as uit die vervorming daarvan.

Nog ekspressiewer word hy wanneer groot figure op die voorgrond gaan tree soos in *De boerendans* (Wenen) waar „Crepel wil voordansen”. Die figure is twee-twee gerangskik en die diagonale lyne loop oor die paar voete in die middel.

Die tegniek van Bruegel bly sy boodskap steeds sterk ondersteun: so word ons ingelig oor die nuttelosheid van 'n verwaande ruimtereis in *De val van Ikaros* (Brussel), 'n gebeurtenis wat by Bruegel volkome die reklame van die moderne kommunikasiemiddele ontbeer. Nie Ikaros se primitiewe ruimte-apparatuur nie, want die lê seker al klaar in die water, maar die boer wat ploeg, domineer die voorstelling. Hy kyk nie eers op nie, so onverskillig teenoor die ramp van een mens as die lewenskragtige natuur self.

Teenoor die weelderige Italiaanse feesmaaltye van Tintoretto en Veronese uit die vroeg sestiger jare lyk *De boerenbruiloft* van Bruegel bra demokraties. Barokke verkortings ontbreek nie en hulle skiet snel uit die vertrekpunt weg: die deurdraagbaar met „rystepap” behoort te kantel. Of dit Bruegel self is wat aan die tafel in gesprek is „met den paepe” is 'n vraag. In die realiteit was Bruegel se baard nog langer. Geleerdes soek ook nog ywerig na die bruidegom. Die bruid lyk egter so selfversekerd dat dit lyk of sy geen man meer nodig het. Dis te sien dat dit haar dag is.

In *Luilekkerland* (1567, München) word die perspektief nog sterker verkort en kragtig na die hoogte gerig. Hier dra die aardbol die nutteloste van sy laste: die mens. Die aarde is gereed om deur 'n sneller rotatiewe beweging die boer, die student en die soldaat van hom te laat afgly.

In *De parabel van de blinden* (1568, Napels) stort nie twee (Matt. 15:14) maar ses blindes in die water. Die waterloop met die daarby horende landskap kon geïdentifiseer word. Dis die Pedebeek wat die Brusselse voorstede Anderlecht en Itterbeek verbind. 'n Grys-groue askleur kontrasteer met die helder tinte in die natuur. Blinde en verblinde leiers van blindes stort die mens in sy verderf. 'n Visser vis verder, hy bemoei hom nie met anderman se sake nie . . .

Hier het die mens, as verteenwoordiger van die anorganiese wêreld weer weg van die middelpunt, d.i. middelpuntvliedend, sentrifugaal beweeg. Die natuur as die organiese wêreld soek 'n middelpunt. Dit is middelpuntsoekend, sentripetaal. Sien mens hoe die blindes afskuif van die skyf af dan is dit opnuut duidelik hoe diensbaar Bruegel se tegniek is aan sy idee.

By testament laat Bruegel aan sy vrou *De ekster op de galg* (1568, Darmstadt) na. Die groot bydrae van die mens tot die natuur van hierdie bloeiende, pragtige landskap is die galg, 'n klap in die gesig van die skepping, want skepping is geboorte, die galg is die dood. Die galg is 'n vreemde voorwerp langs die bome ofskoon dit van dieselfde materiaal gemaak is. Die ekster sien die verskil tussen boom en galg nie raak nie en het op die galg gaan sit. En soos daar mense is wat kan dans op 'n vulkaan, so is daar mense wat kan dans by 'n galg. Die aktualiteit van hierdie stuk is brandend: in die begin van die jaar wat dit geskilder is, sit die Raad van Beroerten (wat deur die volk die Bloedraad genoem word) dag en nag. Op 4 Januarie van die jaar 1568 word 84 veroordeeldes tereggestel, op 5 Junie volg die grawe van Egmond en Hoorn.

Bruegel is gelukkiger: aan hom word die kans gegun om op sy bed te sterwe. Hy is nog geen vyftig jaar oud nie. In die Kapellekerk waar hy slegs ses jare tevore met Mayken Coecke getroud is, word hy begrawe. Die twee Maykens, die moeder en die grootmoeder, sal die twee kinders opvoed. Mayken Verhulst, die ouma wat in haar jong dae 'n miniaturiste was, sal Jantje leer skilder met waterverf. Vlaandere se vrouens is stil en beskeie, maar bekwaam en pligsgetrou.

Ook seun Jan, de Fluwelen Bruegel, ken sy plig. Hy laat 'n grafmonument op pa se graf oprig. Vir dié monument skenk Rubens, wat met Jan bevriend is, 'n skildery. Die skildery is tans in Amerikaanse besit.

Bruegel se trapgewelhuis in die Hoogstraat op nommer 132 vaar beter. Dit is tans, na aanleiding van die Bruegeljaar gerestoureer. Die inwoner van die Marolle sal maar te gretig wees om vir die „Boer uit Transvaal” te wys waar „Onze Bruegel” tuis was en daar 'n glas met u drink, want dis 'n kafee, natuurlik. Vlaandere is die land van kerke en kafees . . .

En dan sal die Vlaamse Brusselaar terugkeer na sy „negotie” op die Luizenmarkt, of in die Huishoud-ofte Deevestroet of in die Radijzenstraat, die bes-georganiseerde swart oorlogsmokkelmark van die wêreld. Laat hulle maar kom die beskermers en die besetters, die bevryders en die belowers.

Die wonder van Bruegel lê in die eenheid van die skilder en mens in hom, van onbeskaamde Vlaming en geleerde wêreldburger. Hy kon duidelik spreek want die sondes van Vlaandere is nie met viktorianse of ander vernisse bestryk nie. En hulle is die sondes van die wêreld. Kyk na Bruegel en kom tot bekering.

As skilder het hy van die vreemde geleer, maar hy het nie verslaaf geraak nie. Hy is geen italianis, geen renaissancis, geen Vlaamse primitief en geen Barokman soos Rubens nie. Hy is Bruegel. Hy het alles in hom verwerk

op basis van tradisioneel Nederlandse tegnieke en in 'n visie wat slegs dié van sy volk kon wees.

Hy is én bly die mees Vlaamse maar tewens die universeelste van alle Dietse kunstenaars. Vlaandere skenk hom aan die Dietse stam, soos Vlaandere die ander groot Vlaming aan die Duitse stam geskenk het: Beethoven uit Bertem by Leuven!

Vlaandere skenk Bruegel aan die Dietse stam en aan die wêreld, maar noem hom steeds met trots en liefde: **ONZE BRUEGEL.**

Slaap zacht, Brugel, en laten wij het zeggen met de woorden van Willem Elsschot aan Borms: **GIJ HEBT ONZE LEUS MANMOEDIG GEDIEND.**

*Julia Weigel*

## Onder my voete is daar water

ek soek na vastigheid  
ek soek na enige iets  
standhoudend teen die tyd  
want ek loop —  
maar onder my voete is daar water

ek soek na die waarheid  
na integriteit  
(in die twintigste eeu)  
na die woorde wat min gebruik word,  
behalwe om leuen te bedek

ek soek na die stiltes  
in die verkeer van die lewe  
in die tempo waarmee ons steeds kompeteer,  
soms ten koste van onself . . .

ek soek na die stiltes  
tussen kom en gaan —  
daar waar ons werklik stilstaan  
voor mekaar  
en voor onself

ek soek na standvastigheid  
soos dié van 'n berg  
na oneindigheid  
soos die lug  
en na die sekerheid  
soos dié van die dood,  
in die lewe

maar onder my voete is daar water

## MY KAMER KANTEL

my kamer kandel vanaand  
die gloeilamp hang skeef  
alles buite verhouding  
soos op 'n boot in 'n storm  
loop ek iewers op die mure  
of die plafon  
slingerend van verlanse

die bed kom onseker waggelend aan  
en deur die gordyn gryns 'n skwebek-maan



# Gerrit Fourie

## Fusillade

Dis selde dat die polsslag my ooit steur  
Wat deurgaans in my slape bons en klop  
En soos 'n wilde ros soms ruis en beur  
Of wegtrek op 'n ruiende galop.

Net snags as ek my oë teen duister dig  
Moet toekny, wag dat slaap my dalk geluk,  
Dan sien ek in die nuwe dieprooi lig  
Die pols, en hoor hoe sing dit onder druk.

. . . En toe die are oopvlek, het die rooi  
In klein opwellings oor die vel gesprei,  
Eers opgedam, toe afgeloop in mooi  
Klein stroompies, hortend teen die sand gedy.

Ek wou dat jy dit sien, maar toe dit stol,  
Het al die tromme lankal ophou rol . . .

### WINDMAKER

Net soos groot winde wat oor hawens waai,  
Verstrengel raak in klanke van die kaai,  
So pronk ek my gevoelens uit in ru  
Bekromping van sintaksis toegedraai.

### VOOR VRIJHEID EN VOOR RECHT

Die kamikazeloods tref met sy dood  
Vol op 'n kelderende kol die boot,  
Voer talle van die vyand met hom heen —  
Hul vriende maak vandag sy kinders groot.

### MEDEA NOCTIS

Net gister het sy my nog toegelag —  
Maar tussen gister en vandag  
Was daar 'n ánder uur,  
Was middernag.

## POX NOBISCUM

'n Hart kan oorgeplant word, en 'n nier;  
Hul ondersoek slytasie van die spier;  
Net kanker, 'n siektetjie of tien  
En oorlogsugtigheid wat alles pier.

## SEESPIEËL

Die vloedgolf van gevoelens rys en dein,  
Bedaar; die débris gaan dan lê in klein  
Hoogwatermerkies, elk in streng patroon,  
Wat saamgeslik word in 'n bruin kwatryn.

# Elize Olivier

## Vier gedigte

my hart bewe  
'n bewertjie  
in die aand  
lewendig in ligte lug

my dink roer  
skiet saad  
in die somer  
groeiende embryos van genade

ek krul my op in 'n plas  
-ma:

word groot  
in 'n winter  
tussen proefbuis

\* \* \*

in seisoen van kapok  
sal ons die son  
snuif tussen wysvinger en duim  
suinig elke korrel oppik  
dit gretig geniet  
of dalk bêre vir later

\* \* \*

strek my uit  
oor die breedte  
van jou hand  
speel met my gedagtes  
word my medereisiger  
oor heuwels en vlaktes  
klouter oor koppies  
kraters kilimandjaro  
wat wag  
om sy gloeiende orgasme  
in die wit wolk  
te stort

\* \* \*

kom  
sing 'n gebed  
om die lintwit  
maagdelikheid  
van kapok  
op kraters

en wanneer die son  
soos ryp lood  
aan ons dae hang  
sal ons loom  
en swaar aftrek  
na vergete valleie

sal ons langsaam  
en stil  
sterf soos vis:  
sonder  
'n poging  
tot verset

*Alant Joubert*

## Bolandse winter

Die dae is traag van reën  
en alles bloei groen  
van die trae reën.  
Vars warm brood en die geur  
van warm brood as  
die dae traag is van reën.  
'n Glas ou wyn, 'n huis,  
stil soos wyn,  
Kole wat gloei en 'n geurige  
vars meisie wat  
stil gloei soos goeie wyn  
as die dae traag is van reën.

*Gernot Bourquin*

## Trolhaettan

Die Göta-stroom se wonderdam behuis  
ontwikkelaars wat saggies onder dreun,  
en trillend deur sement ontsnap gesteun  
soos branders in die staalturbines bruis.  
Soms mag vloedwater oor die klip en gruis  
van die ou bed — 'n uitgelate seun  
wat reisies ja op wilde skimmelreun —  
sy spiere skuimend uitrek kop tot kruis.

Helaas! Die val se grootheid is daarheen  
sodra die wetenskap dit reguleer.  
Die Troll is dood. Hoe durf ons dit beween  
van alles wat oorspronklik is gespeen?  
Verligting is die god wat ons regeer.  
Drie maal verlig voel ons lig dolalleen.

*F. I. Durand*

## Son

Met jou helder gloed  
is jy dag

waarin ons soos kinders  
oral soek  
en staan  
en wag

totdat jy  
'n ster  
in die skadu  
van die aarde  
flikker

REËN  
Weer lê jy  
naak  
in die strate  
van die stad  
jou skaamte  
op elke sypaadjie  
en randsteen  
sigbaar

Weer moet die riool  
jou kleurlose  
liggaam  
onder die stad  
wegvoer  
en in die strome  
van die veld  
versteek

# Skyfies

## *Moederlike brief aan Antjie Krog*

Liewe Dogter van Jefta,

Ek het jou bundel gelees en wil jou sommer van harte gelukwens met die prestasie. Kyk, ek het nou al so 'n halfdosyntjie van my eie in die wêreld gebring (kleintjies, nie bundels nie!) en ek wil nou vir jou eerlik sê dis vir my mooi om so dig-dig met die jongmens se siel kennis te maak. En ek wil sê: die halfdosyntjie ten spyt kon ek glad nie in my 'n moederlike verantwoordelikheid voel kriel om jou juis tereg te wys nie. Maar miskien is die vaderlikes onder ons met meer verantwoordelikheid opgesaal as hierdie ou tante. Dit lyk my die saal wat ek elke oggend moet omgord (om binne perke te bly) dra makliker as die verantwoordelikheid wat jou ouere medeskrywers onder gebuk gaan. Maar waarom nou al die sware waarskuwings in jou maagdelike oortjies én in die yslike koerant uitbasuin, weet ek nie. Maar sooi-brand slaan ook oral uit.

Gaan voort, my Kindjie, om te dig en te publiseer. Daar het veel swakker dinge in Afrikaans verskyn waaroor hulle geswyg het. En jy moet maar mooi loop vir die digters. Ek hoor hulle is maar 'n begeesterde ou nasie. Ook maar beestelik soms!

Raai, nou wanneer kry ek so 'n ou bundeltjie uit ons ou stamland, daar waar die Friesbeeste vandaan kom. En daar kry ek so 'n mooi ou versietjie vir die digter uit ons *nuwe* stamland, daar waar die ysterbeeste vandaan kom. Die gediggie is van Joris van Haelewijn en klink so:

Soms schrijden  
in mijn hoofd  
domweg als koeien  
een ordeloze troep gedachten voort.  
Horens, poten, schoften  
een stofwolk  
en geloei.  
Minuten later  
sta ik half verdwaasd, met open mond,  
nog na te zien  
niet wetend of ik boe of ba zou zeggen.

En dis soos ek ook naastenby voel na die vaderlike vermanings en die publieke geloei oor jou bundeltjie.

Maar nou ja, Kindjie, jy moet ook maar nie boe of ba nie. Maar skryf! Hou aan met skryf! En hou kop!

Moederlike die uwe,

OU GRIETJIE (Ouma van twee!)



# Brenda van Rensburg

## Stadslewe

Die stad pols met eentonige reëlmaat. Ek is al so sat van die siklus van slaap, werk, eet; weer slaap, weer werk, weer eet. Dis 'n ewige stroom verkeer; uitvalfluite wat kerm; protesterende remme; Babelse gepraat. Maar ek hoort nêrens nie - nêrens! Elke oggend beur ek die koue, grys betonpaadjie op, die muwwe kantoor met die stugge, groen gordyne binne; smiddags terug na 'n enkelkamer in die losieshuis. Etenstyd trek 'n bleek toebroodjie vir my skewebeek.

Ons sit om die groot familietafel met 'n kraakbruin skaapboud en geelrys met die groot bruin rosyne. Voor Ouma Trien staan die bak pampoenkoekies in hul bruin kaneelsuiker.

Dis eindelijk vyfuur. (Hoekom sê ek eindelijk - wat maak dit tog saak?) Die robotbeheerde verkeer beweeg strammerig vorentoe. Lang mensetoue huiwer by die bushaltes. Blêrmusiek bars saam met giggelende tieners by die Griek se kafee uit. Die oorvol sypaadjies vloei na die straat. Vae vorms skuur by my verby - onpersoonlik en koud.

Die eensaamheid tog. Help my iemand. Gee my tog 'n teken!

Op die hoek skree die koerantbiljet dit uit: man skiet homself en vier kinders.

Dis lamtyd op die plaas.

„Vriendelikheid maak mens warm,” het ouma Trien altyd gesê.

Ek glimlag strammerig teenoor die masker in die minijas. Leep oë staar onsiende terug. Ek oefen 'n groter glimlag in die winkelvenster. Die pop knipooog banaal-vermakerig in haar slenterdrag. My glimlag stol.

Het my glimlag dan ook verdor?

Die reuk van ou olie en vis draal in 'n oop deur. Skielik ruik ek dit weer: die vars nat grond; die gekneusde bloekomblare na die hael; die son op die wit wasgoed.

„Soek die eensaamheid my kind, want daar dink mens beter.”

Die eensaamheid, ouma Trien? Ek is dan alreeds so stil versteen soos stalagmiete in 'n grot!

Ek hoor nie meer nie. Die helder roep van die kokkewiet en die koekoe van die tortel is stil.

Het ek dit óók verloor?

'n Stroom vuil water luiër in 'n donker gangetjie. Ek sien Oupa met sy blink waterskoene in die jubelende leivoor staan, maar die beeld kraak, verbrokkel tot as en drywende stompies.

„Kyk boontoe my kind, kyk boontoe.”

My nek kry seer, maar ek beur op. Swart treinrook sweef tartend verby en kleef eindelijk aan die boonste lys van die wolkekrabber. 'n Vliegtuig blits 'n oomblik - nooit meer sien ek die V-formasie van die bosluisvoëls wat huis toe gaan nie. Ek sien niks meer nie. My oë is leeg soos die gebarste erdekoppie op ouma Trien se spensrak.

Ek is moeg. My bene swik en ek val stadig deur die ruimte. Verward beur ek my oë oop. Ek staar soos 'n pasgeborene, my oë groot van verwondering. Op die teerpad in die groot oliëkol, gloei die reënboog.







